CACHET APTEEK
U Plus Apteek
**TOMSTRAAT 92**
**Tel. 4201**
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIII NOMMER 6 11 MEI 1978

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
**Johan Claassen Broers**

# STUDENTEKONFERENSIE SLAAG

*deur Mariëtte van der Walt*

**'n Studentekonferensie oor kultuurkontak is vanaf 18 April tot 20 April deur 'n spesiale reëlingskomitee van die Akademiese Raad van die PU vir CHO aangebied. Die konferensie is op die PU-kampus gehou en daar is gestreef na 'n akademiese bespreking op Skriftuurlike grondslag.**

Die hooftema is onderverdeel in vier subtemas:
- Christen en Kultuur
- Kultuur en Politiek
- Kultuur en Opvoeding
- Kultuur en Ekonomie

Mnr. John Boyang, die konsul van Bophuthatswana, het gepraat oor die kultuur van die swartes in Suid-Afrika.

Mnr. Vincent Gray het gesê dat 'n gemeenskaplike, primêre Suid-Afrikaanse kultuur die oplossing van die kultuurvraagstuk in ons land mag wees. Buiten hierdie gesamentlike kultuur kan mense 'n tweede kultuur aanhang wat kenmerkend van hulle eie groep en geskiedenis is. Hy glo dat 'n primêre en sekondêre kultuur die basis vir 'n oop, plurale gemeenskap vorm. Mnr. Gray is 'n student van die Universiteit van Witwatersrand.

Mnr. Gerald Pillay, 'n Indiërstudent van Durban-Westville, het hom by mnr. Gray se idee oor 'n primêre en sekondêre kultuur aangesluit. Hy stel ons Christenwees en Suid-Afrikanerwees bo kulturele verskeidenheid wat skeiding kan meebring. In hierdie verband het hy genoem dat verskillende groepe mense van gesamentlike aanbidding weerhou word. Hy wou weet of begrippe soos wit kerk, swart kerk en Indiërkerk Bybels-verantwoordbaar is. Hy het gesê die kerk in Suid-Afrika moet daarna strewe om sy eenheid te laat geld, sodat dit die een rivier word waarin al die kulture van die land kan saamvloei.

Mnr. Joseph Moshapo, 'n swart student van Hammanskraal, het sy lesing afgesluit met 'n aantal onbeantwoorde vrae wat volgens hom die sleutel is tot die oplossing van inter-volke probleme in ons land. Hy het gevra of daar 'n streep getrek kan word in kultuurkontak tussen rassegroepe en of interkultuurverhoudinge tot sekere ure van die dag beperk kan word. Hy wou verder weet of hierdie kontak in blanke stedelike gebiede alleenlik moet plaasvind; of ons hierdie kontak tot fisiese en formele kontak beperk en of dit geestelike kontak moet insluit. Hy het afgesluit met die vraag oor wat verlang word wanneer van goeie menseverhoudinge gepraat word.

Ds. Gert Kruger, gewese student aan ons universiteit, het in sy lesing oor Kultuur en Ekonomie daarop gewys dat kontak tussen mense in die tegnologiese bedryf al meer onpersoonlik word. Die mens is meer ingestel op produktiwiteit as op menseverhoudinge. Op hierdie manier word die mens 'n blote funksie van tegniek. Volgens hom is die hoofprobleem van ons moderne ekonomie hierdie verslawing van arbeiders.

Gedurende die konferensie is heelwat geleentheid gegee vir groepbesprekings en Bybelstudie groepe. Konferensiegangers was dus voortdurend in noue kontak met mekaar sodat die lesings bespreek kon word. Die voorsitter van die reëlingskomitee, mnr. André van der Walt, voorsien nog konferensies van hierdie aard in die toekoms.



*Hendrik Olivier in gesprek met 'n paar swart konferensiegangers.*

# SWA-OPLOSSING KOS OPOFFERING

**Die komende Suidwes-verkiesing is nie tussen AKTUR (Aksiefront vir Turnhalle-beginsels) en die DTA (Demokratiese Turnhalle Alliansie) nie, maar tussen AKTUR, die DTA, SWAPO en die NNF (Namibian National Front).**

So het mnr. Dirk Mudge, leier van die Republikeinse Party van Suidwes, Maandagaand, 1 Mei, in 'n volgepakte Totiussaal gesê.

Hy is van mening dat al die onderhandelinge met die vyf Westerse lande die moeite werd was.

**Prysgee**

Mnr. Mudge sê hy sal nie die Republiek van Suid-Afrika in 'n oorlog dompel as daar nie 'n billike prys is om te betaal nie. Hy het daarop gewys dat die Blankes in Suidwes iets sal moet prysgee – die Suid-Afrikaanse vlag en volkslied, asook sekere gemak en gerief.

Mnr. Mudge het erken dat hy afgewyk het van die Turnhalle-grondwet. Die laaste opdrag aan die tussentydse regering was om 'n finale grondwet vir die uiteindelike regering op te stel. Daar is dus afgewyk omdat daar die belofte was dat dit kon geskied. Die Turnhallegrondwet is net tydelik, het hy gesê.

Die ander groepe het met die referendum onder die Blankes gedink hulle gaan met 'n slapriem gevang word. Hulle was bang dat die grondwet dan as finaal aanvaar sou word, en wou 'n versekering hê dat dit nie sou gebeur nie. Hy sê toe hy afgewyk het van die oorspronklike beginsels, is hy daarvan beskuldig dat hy die Blankes uitverkoop.

**Vertroue**

Mnr. Mudge het gesê die Swartes en die Bruines het hom vertrou. Met die ingryping van die vyf Westerse lande het daardie groepe na hom gekom vir raad.

Hy het gesê die Blankes het die anderkleuriges se vertroue nodig. Mnr. Mudge is nie bereid om vir die Swartes te sê hy gaan sy belofte breek nie. Die grondwet moet aan verandering onderhewig wees.

Daar is in die Turnhalle besluit op 'n drie-vlak regering, sodat elke groep in Suidwes sy identiteit kan behou.

Op die eerste vlak is 'n sentrale regering wat oor almal besluit. Almal is op dié vlak verteenwoordig. Op die tweede vlak besluit elkeen in sy eie gebied oor sake wat op die spesifieke groep se identiteitshandhawing betrekking het. Dit is sake soos onderwys.

**Verskille**

Verskille het ontstaan ten opsigte van gesagsgebiede, verkeerbeheer, administrasie van die natuurbewaring, administrasie van die laer howe en die kwessie van plaaslike besture en eiendomsreg.

Die gesagsgebiedewet bepaal dat elke verteenwoordigende owerheid gesag het oor die persone wat lede uitmaak van die betrokke bevolkingsgroep. Die Blankes het gesag oor die Blankes en so ook die Herero's oor die Herero's.

Mnr. Mudge het dit beklemtoon dat die gebiede wat in die gesagsgebiedewet genoem word, nie geografies van aard is nie. Blanke kinders in 'n swart geografiese gebied sal dus steeds Blanke onderrig ontvang.

**Kapuuo**

Die grondslag vir die Turnhalle is reeds in Maart 1973 gelê tydens 'n gesprek met mnr. Clemens Kapuuo. Mnr. Mudge meen dat die 1973-gesprek tussen hom en Clemens Kapuuo tot Kapuuo se dood gelei het.

Die tussentydse grondwet is middel '77 afgehandel. Daar was meningsverskil, maar dit is met konsensus opgelos.

Mnr. Mudge het gesê hy toer nie deur Suid-Afrika om 'n leer te verkondig nie, maar omdat hy vertel wat in Suidwes gebeur. Hy sê dit het ook iets met Suid-Afrika te doen.

Ná 'n kort bedankingswoord deur mnr. Johan van Rensburg het die gehoor hom staande toegejuig.

**POTCH SPEED DEN**
Motor toebehore en radio's
**Winkel 26**
**Indiërsentrum**
**Tel. 4713**
**POTCHEFSTROOM**
**Teen Pryse Waarvan U hou!!**
Vir alle motoriste, huiseienaars en tuiswerk entoesiaste

4 Baan "stereo" motor kassetspelers TEN VOLLE gewaarborg teen slegs R45

Werkwinkel handleiding vir alle motors teen R2,99

Bardahl olie byvoegmiddel B1 of B2 Slegs R2,49

FM motorradio met lugdraad en luidsprekers Slegs R29,95 BEPERKTE aantal. Ten volle gewaarborg.

"Anti Freeze" Koop betyds u Motorcraft "Anti freeze" Slegs R1,29 vir 500 ml

Valvoline multigraad olie vir Winter en Somer. 5 liters teen slegs R3,79

"Full face" valhelm teen R39,00 Ook motorfiets spreiverf.

Weber vergassers 36 DCD 'n ware winskoop teen R61,50

Stof Skerms vir alle motors slegs R8,00 "SONE GUARDS"

*Ons het 'n volle reeks olie- en lugfilters, punte, vonkproppe, kondensers, skokbrekers vir alle motorfabrikate in voorraad.*



*Kort Jan Botha reik na hoër hoogtes tydens 'n ontspanningsessie. Foto: Frits Eloff*

# STUDENTELEIERS BESIN EN BEPLAN

**Kampusfokus '78-II se waarde lê daarin dat die kampusleiers vir die res van die jaar opgeskerp en gemotiveer word, sê mnr. Theuns Eloff.**

Dus is op Maandag, 24 April, na Venterskroon vertas en verslaapsak.

Die konsensusse van Kampusfokus I is deurgegaan en by nabetragting die volgende:

- Daar is weer tot versigtigheid gemaan wat die pers betref en is aanbeveel dat Theuns Eloff of Piet Fourie eers gekontak word vóór 'n mening gewaag word.
- Die Wapad word ná 12h00 aan dorpstudente gepos as dit nie afgehaal word nie. Daar is ook versoek dat meer aktiwiteite van die rade geplaas moet word.
- Akademiese aangeleenthede is weer bespreek en is besluit dat eerstejaars deur hul huispa's gespreek moet word behalwe waar dit prakties onmoontlik is. Die akademiese stelsel soos voorgestel op die vorige kamp, is goedgekeur. 'n Verdere konsensuspunt was dat die huiskomitee en huispa alle HK-nominasies akademies moet keur.
- Die oriënteringsverslag is voorgehou. Dit is weer benadruk dat géén tweede oriëntering/ontheffing mag plaasvind nie. Die dames het eenparig 'n mosie aanvaar waarvolgens die aanspreekvorm "juffrou" vir seniors opgehef word wanneer die gesag deur die nuwe HK aanvaar word.
- Steinman de Bruyn het weer eens die KMD-stelsel verduidelik en pyne in verband met die funksionering is uitgelig.
- By Sportraad het die ledegeld van sportklubs onder die tong gekom. Die versekering is gegee dat bv. die rugbyklub nie geld van ander klubs sal gebruik nie.

Aktueel-kampe speel 'n wesentlike rol in die opleiding van eerstejaars. Piet Odendaal het die doelwitte van Aktueel met sulke kampe gestel:

- kampusgees word reeds in die eerstejaar ontwikkel omdat eerstejaars buite hul koshuisverband kan kamp.
- eerstejaars met leierspotensiaal word raakgesien.
- opleiding word aan toekomstige leiers gegee.

**– Kleredrag**

Die kleredragkomitee het gewerk aan die interpretasie van reëls, veral met betrekking tot denims. Theuns Eloff versoek die HK-lede dringend om om te sien na toepassing van die reëls. Die eerste paar weke van die nuwe kwartaal sal dien as proeftydperk. As sake nie verbeter nie, sal die SR verplig wees om by die Senaat aan te beveel dat die denimreël afgeskaf word.

**– Dans**

Dinsdagoggend het prof. Karools Reynecke en die predikante van die drie suster-studentekerke die kamp besoek. Daar is gesels oor:

- praktiese probleme met skakeling bv. huisbesoekreëlings ganggodsdiens. Daar is aanbeveel dat die dominees ook by dameskoshuise kamerbesoeke bring.
- die kommunikasiegaping met betrekking tot die nood van die student oor kampusprobleme en dieper probleme soos die werking van die Heilige Gees.
- die wisselwerking tussen student en predikant, soos dat HK-lede gevalle verwys na pastorale sorg (en nie bloot die ouderlinge nie.) 'n Konsensuspunt is aangeneem dat die predikante toekomstige kampe vir 'n oggend sal besoek.

Daarna is indringend -or dans besin. Theuns Eloff stel die situasie dat die PU dans op die kampus én waar PUK-groepe verteenwoordig is, verbied. Die Afrikaanse susterkerke is teen dans en die universiteit kan nie vanweë die noue verbintenis dans aanbied nie. Tog is daar die probleem van groepe wat danse weg van die kampus aanbied.

Die onderskeie predikante het, (kortliks saamgevat), gesê: Dans is nié gelyk aan sonde nie. Vanweë die seksuele element aanwesig by dans, moet dringend besin word oor die die sewende gebod. Ook bied dans die geleentheid vir nyd, haat en jaloesie en begeerte.

Daar was sprekers wat ten gunste was van:

- dans met beheer, dit wil sê met streng kontrole.
- dit sal dan nie veel meer as ritmies beweeg op maat van musiek wees nie.

Ds. Kobus van der Walt het die bespreking so afgesluit: "Die feite tot God dwing ons dans (wat die geleentheid bied vir sonde) te vermy, omdat ons sonde moet haat en God moet liefhê.

**Skoonheidskoningin**

Die PU het nie 'n skoonheidskoningin nie omdat dit:

- mensverheerliking is
- die huidige gees van stoetkoeie in skoonheidskompetisies weerspieël.
- die vrou objektiveer tot seksobjek.

**Politiese Raad**

Theuns Eloff het verklaar dat daar 'n lou politieke gees op die PU heers (daar was byvoorbeeld geen polemiek in die Wapad oor die Koinonia-verslag nie). Dit is egter van wesentlike belang dat die Politiese Raad altyd ondersteun word.

**Toekoms**

Wat toekomstige kampusfokusse betref, sal die doel wees om opleiding te gee in groepsdinamika.



*Mnr. Dirk Mudge gesels op 'n informele trant met Frits Eloff, voorsitter van Programvergaderings van die Politiese Raad.*

# STUDENTERADE BESIN SAAM

**Theuns Eloff het op die pas afgelope SR-konferensie gesê politieke regte in die volle sin van die woord sal binne tien jaar 'n werklikheid vir alle inwoners van Suid-Afrika word. 'n Groot deel van die stedelike Swartes sal buite die tuisland gekonsolideer moet word.**

Die universiteite van Durban en Pretoria (buitemuurs) het saam met die PU referate gelewer oor 'n voorgestelde politieke raamwerk vir die volgende tien jaar.

Die kwessie van oop universiteite is deur die afgevaardigdes van die universiteite van Stellenbosch en Port Elizabeth behandel.

Pietermaritzburg, Rhodes en RAU het die historiese oorsig van die afgelope 100 jaar in oënskou geneem. RAU het dit uit 'n Nasionale oogpunt aangebied en Pietermaritzburg het dit weer vanuit 'n radikale oogpunt toegelig. Rhodes het die onderwerp benader vanuit 'n liberalistiese standpunt. Mnr. Izak Smuts, studenteraadsvoorsitter van Rhodes, het sy standpunt gestel soos wat hulle dit leer.

Tuks en Wits het besondere aandag aan die nuwe Welsynswetgewing gegee. Die konferensie het sy kritiek teen sekere aspekte van die welsynswetgewing uitgespreek.

Die referate oor die opvoeding vir die toekoms van Afrika is gelewer deur die verteenwoordigers van Ikeys en Kovsies.

In sy referaat was Theuns se uitgangspunt dat geen politieke raamwerk vir ewig is nie. Daar moet ruimte vir aanpassing en evolusie wees. Revolusie word egter afgekeur. Die evolusie of verandering kan nie oornag geskied nie, maar daar is ook nie meer baie tyd beskikbaar nie. Dit moet dus 'n doelgerigte en vinnige beweging wees.

Hy het gesê dat eiesoortige ontwikkeling vir die volgende tien jaar teen die agtergrond van die vorige 30 jaar gesien moet word. Die fases van ontwikkeling kan verdeel word in vier afsonderlike fases:

- apartheid
- afsonderlike ontwikkeling
- eiesoortige ontwikkeling en
- die plurale gemeenskap.

Die fases moet in sekere fasette onderskei word.

Theuns het voorts gesê studente is nie politici nie, daarom kan en moet daar op akademies-politiese wyse voorstelle gemaak word sonder dat dit toegepas moet word.

# NEGER BESOEK PU

**Howard Marshall, 'n Neger uit die VSA, deeltydse professor aan die Universiteit van Arisona, is tans besig met 'n "simposium"-toer deur Suid-Afrika.**

Hy tree in Suid-Afrika op as gas van SANRA, en 'n besoek aan die Puk is moontlik gemaak. Alle Dosente en Studente word op 23 Mei deur Liber Factus genooi om na Howard Marshall te kom luister en vrae te vra.

Hy sal spesifiek kom gesels oor een van die westerse wêreld se grootste probleme naamlik "Die misbruik van Alkohol en dwelmmiddels."

Howard Marshall is 'n uitgelese persoon op die gebied en die PUK kan met groot vrug van hierdie Amerikaner leer.

# Denims gaan waai

**Bygaande foto's is tipiese voorbeelde van kleredrag oortredings.**

**Fotograaf, Paul Slot, het 'n paar soomlose, gebleikte en nouspannende broeke met sy kamera gekiek.**

**Nog 'n algemene oortreding van die kleredragreëls is die dra van sportskoene.**

**Volledige berig elders bladsy 3 "Studenteleiers besin en beplan."**









DAMESBLAD DAMESBLAD DAMESBLAD

# ,KONTAK' MAAK KONTAK

**Op Wonesdag, 29 Maart 1978 het die vroue-organisasie 'Kontak' 'n simposium aangebied met die tema: 'Verbeterde verhoudings met spesifieke verwysing na die rol van die vrou'.**

Die simposium is by RAU aangebied en Heleen Coetzee en Leenster Pasch van 'Aster' het die damesstudente van die PUK verteenwoordig. Van die ander universiteite was slegs Tukkies verteenwoordig.

Daar is by die geleentheid vier referate gelewer wat oor die onderwerp handel. Die openingsrede is gelewer deur Sy Edele Dr. C.N. Phatudi, Hoofminister van Lebowa. Hy het daarop gewys dat dit noodsaaklik geword het dat wit en swart mekaar daadwerklik moet bystaan en het beklemtoon dat die vrou nie meer agteroor kan sit nie. Omdat sy die persoon is wat gemoeid is met die opvoeding van môre se geslag, is sy die persoon wat ons volkereverhouding in die toekoms bepaal. Eerstens moet die vrou kennis dra van die verskillende kulture in ons land; die tweede belangrike vereiste is dat sy 'n taal van die swartman moet leer praat en laastens moet sy die 'is' van die swartvrou leer ken.

Die eerste referaat is deur prof. Anna Steyn van RAU gelewer oor "Wellewendheid in die S.A. Plurale Samelewing". Uit die referaat het dit geblyk dat die sosiale omgang met die swartes 'n belangrike knelpunt is wat reggestel moet word. Elke vrou moet bydra tot die opbou van 'n positiewe interaksie-patroon tussen die verskillende bevolkingsgroepe.

Die referaat van ds. Sam Buti is voorgelees en dit het gehandel oor die aandeel van die swart persoon. Hy het daarop gewys dat die wit vrou die swart vrou nie meer kan voorskryf nie; maar dat hulle hul kragte kan ingooi vir gesamentlike projekte. Die verhouding tussen swart en wit moet met versigtigheid benader word om weer die vertroue te herstel.

Die derde referaat is deur Freda van Rooyen, die voorsitster van 'Kontak' gelewer. Dit het gehandel oor 'Die aandeel van die vrou'. Sy het op die feit gewys dat daar wel probleme is waarvan ons nie kan vrykom nie, tensy ons daadwerklik daaraan werk.

Daar is dus 'n behoefte aan verandering, die blanke vrou se houding ten opsigte van die swart vrou moet verander. Ons moet die swart vrou se behoeftes identifiseer en bewus word van hulle as individue. Die blanke vrou moet as katalisator optree in gesinsverband sowel as in haar gemeenskap.

Die laaste referaat is deur Prof. Hennie Coetzee gelewer. Dit het gehandel oor 'Die man se siening oor verbeterde verhoudinge.' Daar moet spontane en natuurlike kontak plaasvind tussen die volkere. Hy het gesê dat die vrou in 'n besondere posisie is omdat juis sy meer op 'n persoonlike vlak kan kennis maak met andere volkere.

## STUDENTE GEHELP NA-UURS

DIE INSTITUUT vir Sielkundige en Opvoeding Dienste en Navorsing het 'n na-uurse studentespreekkamer ingestel om 'n gratis diens te lewer aan studente. Die diens is op Maandae- en Donderdagaande vanaf 18h30 tot 19h30 beskikbaar. Dit vind plaas in Kamer 69 op die grondvloer van die Sielkundegebou (Afdeling Psigofonologie). Daar is 'n wagkamer regoor die kantoor beskikbaar.

Enige student wat 'n probleem het in verband met sleepsake, swotsake of enigiets anders moet net 'n afspraak by die sekretaresse maak.

**Ons doen 'n beroep op julle om van die diens gebruik te maak wat goedgunstelik op aandrang van 'Aster' gestig is deur die Instituut.**

## Onkonvensionele herstel

**Wie van ons Eva-geslag het nie al oop oë lê en wonder oor ons sogenaamde 'verhouding met die 'anner' geslag nie! En, sê die geleerdes, die 'slependes' is nie altyd vanselfsprekend gelukkiger as die 'nie-slependes' nie! En dit sit my toe mos aan die dink: wat doen 'n mens aan 'n minder-gelukkige sleepverhouding wat besig is om te kwyn?**

Probeer 'n bietjie die doepa:

- wag hom voor sy Staatsleer-klas in met een swart dropring vol suiker in 'n Puk-Pik raassakkie; en moenie vir sy swart mond lag nie!
- verander julle sleeptyd na ses tot sewe in die oggende: dan is die son baie mooier; koffie baie lekkerder en julle kan die vroegnuus saam luister.
- maak sy bril onverwags en ongevraagd skoon.
- help hom sy motor na die naweek skoon maak van al jou dieet-koeldrankblikkies.
- pak op 'n droë Donderdagaand 'n piekniekmandjie vir 'n onverwagte pret-aand by Boskopdam.
- help hom fotostate maak van sy agterstallige aantekeninge: sorg dus dat jy soos 'n wafferse bankklerk 'n sakkie vyfsente by jou dra.
- stuur vir hom na 'n rugbyoefening 'n dooie roos en 'n koue blikkie bier na sy koshuiskamer.
- koop vir hom 'n dik rykmansigaar en gee dit vir hom terwyl julle wag vir julle koeldranke by die 'Uitsleep' of as hy verveeld deur 'n 'Landbouweekblad' blaai.
- stuur vóór jy verjaar jou geliefkoosde parfuum se naam op 'n pienk stukkie papier, groot genoeg geskryf dat die apteek-assistente dit sonder moeite kan lees!
- bel hom half-vier in die oggend en vra of hy nie ook lus is vir draairoomyse en Mozart nie.
- laat hom vertel van sy klienseuntjie-dae: dit laat 'n man se ego gewoonlik goed voel.
- maak asof jy nie sy 'Grasshoppers' by sy uitgaanpak raaksien nie.
- hou jou 'n keer onverwags Victoriaans en weier as hy jou wil nadertrek en . . . as niks anders wil help nie, probeer of 'n dieet of 'n vakansie op die Griekse eilande.


## PRO REGE


U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

"die Potchefstroomse boekhandel"

Tomstraat 86 Potchefstroom
TEL. 8875

**No 75337584BC**
**SKTR J.P. Marais**
**SAW SPESIALISTE EENHEID**
**SAW BEREDE PEL 9**
**VRK 2**
**VPK**
**GROOTFONTEIN**
**9246**

Hallo Elsie

Ek het toe besluit om die pen op te neem en 'n bedankingsbrief te skryf. Ek kan jou verseker dat ek die pakkie wel waardeer en geniet het. Jy weet dit doen mens goed om te weet dat julle in die "Stats" so baie moeite doen vir ons ontwil.

Ek gedenk my geboorte eers die 6 Nov. Ek weet nie juis wat jy daarmee wil maak nie, maar . . . nou ja.

Liefde vir katte by die skooner geslag is nou wel iets algemeen, deselfde kan egter nie van gesê word nie.

Wel hier gaan dinge maar nog 'n normale gang ons het al darem ons eie perde gekry en hulle op 'n uitrut geneem. Dan het ons ook weer ons skietkuns opgeknap en verbeter, verder mag ons nie eintelik skryf oor wat hier aan gaan nie en jy moet my maar verskoon as ek sons so vaag en onduidelik skryf.

Ek gaan nou maar die brief eiendig. Ek hoop om een terug te kry (4 keer langer). O! ja amper vergeet ek sê vir Ronel ek sê baie dankie vir haar bydra tot die pakie.

Groete van
jou man op die grens
Koos.

NS. Ek is ook die derde outste van agte kinders.

**ANTWOORD VAN DIE GRENS**

**Na 'Aster' die grenspakkieprojek suksesvol afgehandel het, het baie Puk – asters ongewone dankiesêbriewe van die manne ontvang. Deur die bank was die manne ongelooflik dankbaar en verras – soos Koos van Grootfontein skryf:**

**Aan almal wat 'n iemand op die grens het of nog gaan hê: sterkwees en geniet die seerverlange : dit maak die bymekaarkom soveel blyer. Skryf vir hom vol-moed-lief-wees briewe, sommer baie daarvan; hy't dit nodig.**
**ASTER**

**Afskeid**

*Die aand kom stil oor die veld geloop*
*nugter en alleen –*
*die maan klim teen die bloekoms uit*
*en verslinter alles om ons heen.*

*jou blou hempie roer in die wind*
*jou hare krul deur my vingers*
*sag en blond soos die van 'n kind.*
*ons staan stil bymekaar*
*want jy gaan weg armie toe*
*Heidelberg toe vir 'n jaar.*

*jy moet altyd so bly soos nou*
*moenie dat baie nagte se water*
*slote kerf in jou gesig,*
*moenie dat baie dae se ligte*
*sterre breek in jou oë*
*vou saans jou hande*
*en bid soet woorde teen my bors.*
**Antjie Krog**

## Aster-suurklontjies

**Met groot opgewondenheid het ons toe op die kampus uitgeruk met die kraaknuwe laarse, ouma-kraag bloese en wye Russiese rompe. En dat dit mooi is, is al te waar.**

Net hier en daar bly daar 'n kortsluiting tussen die modebroek en die werklikheid te wees.

- 'n Romp of rok moet tog oor die laarse gaan – die knieë is van die lelikste ledemate as dit wys tussen die soom en die stewel.
- die lewe is in baie opsigte onverstaanbaar: daar is net sommige van ons parfuumdraende geslag wat hul langbroeke in stewels kan steek – maak net seker of jy een is!

Ons vergelyk goed en selfs baie beter met ander kampusse se dames (wat aantrek betref!), maar onthou tog dat ons geseënd is met 'n verbeelding – gebruik dit. Kombineer ruil en pas en gaan dink oor jou klerekas.

Gebruik jou serpe, borsspelde en tjalies kruis en dwars. Dis soveel lekkerder as om as vloot elke oggend 'n rok oor jou lyf te gooi.

Maar wag . . . onthou, onder die klere lê 'n jy wat jy aan moet werk: werk na 'n sprankelende vol-lewe-en-geloof-Puk-aster!

# STUDENTELEIERS

**Om iets te vertel van iemand wat almal ken, vir wie almal so 'n bietjie bang is, maar die belangrikste, iemand vir wie almal respek het, is nie altyd so maklik nie.**

Miskien moet 'n mens maar by die begin begin – Jan Stephanus Gerber Strydom. Seker meer bekend by almal as Jan van die SR. By sommige miskien nóg beter bekend as Jan, die primarius van Caput.



*Jan Strydom*

Ná sy matriek aan die Hoërskool Jan Viljoen, Randfontein, het hy by die PU ingeskryf vir die graad B. Juris en is nou besig met LL.B. Volgende jaar wil hy vir 'n jaar praktiese werk gaan doen en daarná wil hy as leerling-prokureur gaan werk.

As die tyd ryp is daarvoor, wil hy aansoek doen om tot die Balie toegelaat te word en daarná sal ons van hom hoor as adv. Gerber Strydom. "Nee, dis nie dat Jan te boers is nie, maar my ouma wou graag sien dat ek adv. Gerber Strydom word," sê hy.

Die portefeulje wat hy by die studenteraad beklee, is vir hom net bysaak tot 'n baie groter taak. Hy wil graag die Puk-student leer om te dink. Om nie dinge met die hart te besluit sonder inagneming van die uitvoerbaarheid van die besluit nie. Die emosionele element in enige besluit is nie uit te sluit nie, maar dit moenie die belangrikste rol speel nie – veel eerder die baie belangrike logika.

'n Gebalanseerde lewe is vir Jan baie belangrik. Daarom is dit vir hom so 'n groot voorreg om in die SR te dien. Hy leer nou al om 'n goeie balans te handhaaf tussen akademie en ander aktiwiteite. Dit sal hom in staat stel om eendag wanneer hy praktiseer, ook dié balans te kan handhaaf.

Dat hy wel 'n gebalanseerde lewe lei, is nie moeilik om raak te sien nie. Hy het rugby gespeel vir Caput, 'n mens sien hom kort-kort by die muurbalbane en hy is ook nie 'n vreemdeling by die tennisbane nie. En dan moet hy natuurlik ook nog aandag aan sy studies gee.

Omdat hy die koshuisraad in die SR verteenwoordig, is dit waar sy eerste plig lê. Oriëntering is volgens Jan, nog reg. Hy voel dat lojaliteit aan jou universiteit reeds begin by die kern van die universiteitslewe, naamlik die koshuislewe.

Jy moet eers lojaal wees teenoor jou koshuis voordat jy lojaal kan wees teenoor jou universiteit. As die koshuis-studente in die geheel gekonfronteer word met iets, is dit tog die Puk wat gekonfronteer word. Daar is dalk nadele aan oriëntering verbonde, maar die voordele is by verre in die meerderheid.

Een van sy portefeuljes is die Wapad en hier kry hy baie probleme. Mense sê omdat die Wapad afhanklik is van die Senaat en die SSR vir sy voortbestaan, kan daar nie sprake wees van objektiwiteit nie. Hy nooi egter enige student uit om 'n brief te skryf aan die Wapad en mits dit nie oneties of lasterlik is nie, sal dit gepubliseer word. Hy kan nie aan 'n ander naam hiervoor dink as objektiwiteit nie.

Jan Strydom is 'n leier op alle gebiede. Hoe kan dit dan ook anders? Hy was hoofseun in die laer skool en hoofseun op hoër skool. Hy was die primarius van Caput. Vandag is hy in die Studenteraad.

# KONTRAKPOLITIEK TOER

**Kontakpolitiek bied 'n vyfdaagse toer na die noordelike tuislande aan, vanaf 17 - 22 Julie. SABRA behartig die reëlings en die koste beloop slegs R30,00. Die toer sluit onder andere besoeke aan die Funduzimeer, landbou- en nywerheidsprojekte en die Universiteit van die Noorde in. Die groep is verder ook die gaste van die Gazankulu-kabinet by 'n braaivleis. Meer inligting is verkrygbaar by Johan J. van Rensburg (Tel. 6746) of Sakkie Bischoff van Klooster. Enige student is welkom om saam te kom.**

### TOERPROGRAM

MAANDAG 17 07 78:
0500 – Vertrek vanaf Pretoria
0900 – Groothoekhospitaal (1230)
– MIDDAGETE
1400 – Zebediela Landgoed
1800 – AANDETE
– Slaap te Potgietersrus

DINSDAG 18 07 78:
0630 – Vertrek
0700 – Ontmoet verteenwoordiger en besoek Rottangfabriek
– ONTBYT
0900 – Lebowakgomo (1000)
1100 – SAUK Pietersburg (1245)
1300 – MIDDAGETE (1330)
1400 – Nywerhede van LOK (1730)
1800 – AANDETE (1915)
2000 – Hoofminister van Lebowa en/of kabinet
– Slaap te Pietersburg

WOENSDAG 19 07 78:
0630 – ONTBYT (0700)
0900 – Letabaskool vir kreupel kinders (1130)
1300 – MIDDAGGETE – Kommissaris-Generaal Sovenga (1445)
1500 – Universiteit van die Noorde (1700)
1900 – AANDETE
– Slaap te Laerskool Louis Trichardt

DONDERDAG 20 07 78:
0600 – ONTBYT (0630)
0700 – Ontmoet verteenwoordiger van Venda
– Dzataruïnes
– Siloam Hospitaal
– Fundudzimeer
– Kapt Tshivase se stat
– Sibasa
1800 – AANDETE – Braaivleis (1900)
– Aandprogram – DOMBA
– Slaap te Laerskool Louis Trichardt

VRYDAG 21 07 78:
0700 – ONTBYT (0730)
1000 – Hoofminister en/of kabinet van Venda (1130)
1200 – MIDDAGETE – Kommissaris-Generaal Sibasa (1330)
1530 – Hoofminister en/of kabinet van Gazankulu Giyani (1630)
1800 – AANDETE
– Slaap te Kremetart

SATERDAG 22 07 78:
0600 – ONTBYT (0630)
0700 – Vertrek na Pretoria oor Tzaneen

# KORPS BEDRYWIG IN KARLIEN

**Die Maandagaand na die Koukuskamp het Korpssel Karlien gaan laer opslaan by die kenmekaar en al wat leef en beef, is van pannekoek voorsien, en terselfdertyd is ook 'n paar sente vir korps ingesamel. Ons het nie net geleer hoe om pannekoek in die lug om te draai nie, maar ook hoe ons korpsmense aanmekaar gesit is. R50 is so ingesamel.**

'n Baie suksesvolle selvergadering is ook gehou. Professor T.T. Cloete het Breyten Breytenbach se misterieuse doen en late in perspektief gestel. Soos ons almal weet, is Prof. T.T. Cloete bekend as uitmuntende dosent en ook 'n modelspreker. Die feit dat juis hý oor so 'n aktuele onderwerp gepraat het, het baie studente en mense gelok. Karlien se sitkamer was tot oorlopens toe vol.

Die 11de Mei 1978 sal Prof. Cachet (D.V.) 'n skyfiereeks aanbied. Dié geleentheid sal lig werp op die onderwerp of die Bybel wetenskaplik waar bewys kan word.



**FOTIEK HOU KOMPETISIE**

**Hierdie foto van Harm Tromp tel onder die wenfoto's van Fotiek se Karnavalkompetisie. Die volgende kompetisie met die tema: VAKANSIE sluit die einde van Mei. Enige student kan aan hierdie wedstryde, waarin gawe pryse gewen kan word, deelneem. Hou plakkate en kennisgewings dop vir meer inligting en reëls.**

# REGSKONGRES 'N SUKSES

**'n Nasionale kongres vir regstudente is gedurende die hemelvaart langnaweek by Wits gehou. Studente van 13 universiteite was by die kongres verteenwoordig.**

Die onderwerpe wat bespreek is, is baie toepaslik op die huidige ontwikkeling van ons Suid-Afrikaanse reg. Die nuut voorgestelde gronde vir egskeiding is tydens die kongres bespreek.

Prof. Wiechers van UNISA het die kongres oor die voorstel van die nuwe Parlement toegespreek. 'n Ander interessante bespreking oor die verwantskap tussen die reg en medisyne is deur prof. Strauss van UNISA gelei. Dit het onder andere oor aborsie en geslagsverandering gehandel.

Buiten die feit dat die kongres gekenmerk is deur die groot aantal regsgeleerdes, het studente van ander etniese groepe ook die kongres bygewoon. Baie positiewe en negatiewe menings is tot laat in die nag tussen die verskillende studente uitgeruil.

Die algemene gevoel onder die kongresgangers was dat dit 'n baie geslaagde kongres was. Die hoop is ook uitgespreek dat meer studente die volgende kongresse sal bywoon.

# KLAWERHOF VAT PAD

**Terwyl Aksie Puk-miljoen aan die gang is, het Klawerhof ook besluit om haar beskeie bydrae aan hierdie Puk-poging te lewer.**

Die dames van Klawerhof beoog om op 27 Mei 1978, 20 km ver te stap. Daar is reeds geruime tyd vorms uitgedeel waarop die dames borge moet insamel. Elke dame moet probeer om soveel borge per kilometer te werf as wat moontlik is.

Op hierdie manier word gepoog om die bedrag van minstens R8 000 in te samel. Dit beteken dat elke inwoner van Klawerhof haar deel sal moet bydrae om van hierdie poging 'n sukses te maak.

As deel van hierdie aksie het Klawerhof besluit om dit 'n groter omvang te laat aanneem, en daarom sal hulle op die 12de Mei Johannesburg besoek in hierdie grootse geldinsamelingveldtog.

Die geesdrif loop reeds hoog. Op hierdie stadium lyk dit of pogings tot geldinsameling belowend was, en te oordeel daaraan behoort die aksie 'n goeie afloop te hê.

Die aksie betrek letterlik al die dames in die koshuis – van die eerstejaars tot die koshuismoeder!



*'n Nuwe vise-rektor en 'n nuwe motor. Prof. J.S. du Plessis, trotse eienaar van die nuwe motor staan hier saam met mnr. Jack Patlanski en die rektor by die nuwe vuurwa. Mnr. Patlanski het die motor namens Harolds Pats oorhandig as 'n geskenk.*

# die WAPAD

## Politieke insig Belangrik

**Die uitnodiging van die Politiese Raad aan mnr. Dirk Mudge, leier van die Republikeinse Party van Suidwes, het wye belangstelling uitgelok. Dit was seker een van die vergaderings met 'n politieke strekking wat die beste opkoms gehad het. Hieruit kan 'n mens verskillende gevolgtrekkings maak. Die Pukke raak meer politiekbewus of die Suidwes-kwessie word met wye belangstellings gevolg.**

**Of dit nou die een of die ander is, is dit tog verblydend om te sien dat mense nog belangstel in sake wat hulle land raak. Een belangrike ding wat 'n mens uit die Mudge-vergadering kon leer is dat 'n mens dit nie kan bekostig om onbetrokke te staan teenoor die wêreldpolitiek nie. Soos ons as studente 'n taak het om te studeer, is dit ook belangrik dat ons moet besef dat slegs deur kennis - nie net boekekennis nie, maar ook 'n algemene kennis ons op die voorpunt kan staan en die leiding kan gee.**

## Kultuurkontak – 'n deurbraak

**Gedurende die vakansie is 'n unieke konferensie op die kampus van die PU vir CHO aangebied. Dit was die Kultuurkontak konferensie wat deur die Akademiese Raad onder leiding van André van der Walt gereël is.**

**Buiten die feit dat die tema, kultuur, onder vier hoofpunte bespreek is, is daar by dié konferensie ook saam Bybelstudie gehou en op 'n Skriftuurlike grondslag saam gesels oor kultuursake van die verskillende groepe van Suid-Afrika. Soos die naam van die konferensie ook aangedui, is daar kontak gemaak. Dit kan beskou word as 'n belangrike deurbraak dat studente van verskillende identiteite saam kon besin oor belangrike knelpunte in ons daaglikse, wedersydse kommunikasie.**

**Die Wapad wil dan ook langs díe weg sy gelukwensing uitspreek teenoor die Akademiese Raad.**




# SWAPO aan Bewind ...?

**deur Flip de Bruyn**

Dinge in Suidwes aan die woel. . .

- Die leier van SWAPO, mnr. Sam Nujoma, stel dit onomwonde dat hy nie in meerderheidsregering belangstel nie.
- Opspraakwekkende moordplanne onthul
- Moord op politieke leiers wat vrede voorstaan!

Dit is hoe sake deesdae in Suidwes staan. Onderwyl groepe wat vrede verlang, organiseer vir die hou van vrye verkiesings hou SWAPO VOL MET SY buitensporige eise.

Die kern van die probleem is dat SWAPO hoegenaamd nie belang het by die hou van verkiesings nie. SWAPO is 'n rewolusionêre moordbende wat met niks minder tevrede sal wees as om algehele mag in die gebied te besit nie.

Om na die stembus te gaan, hou onnodige risiko vir SWAPO in. Hulle kan dalk die verkiesing verloor. Deur ondervinding het hulle geleer dat indien hulle lank genoeg met 'n wapenstryd aanhou, die Weste sy steun aan gematigdes sal opsê.

Suid-Afrika se posisie in Suidwes is duidelik. Daar word deur SWAPO geëis dat die Veiligheidsmagte uit die gebied onttrek moet word sonder enige teenprestasie. Binne die raamwerk van die Westerse skikkingsvoorstelle het Suid-Afrika daartoe ingestem met dien verstande dat SWAPO eers alle vyandelikheid moet staak.

Maar daartoe is SWAPO klaarblyklik nie bereid nie. Aangesien hulle besef dat die stembus vir hulle 'n moontlike neerlaag inhou, is 'n militêre oorwinning die enigste alternatief. Hulle beoog 'n vinnige affensief sodra die Veiligheidsmagte onttrek is en voordat Suidwes se eie weermag die plek daarvan kan vul.

Met sy ongeveer 4 000 opgeleide soldate is SWAPO nie juis 'n gedugte mag nie. Daarom kon daar ook tot dusver nie met veel meer geslaag word as enkele sporadiese terreurdade en die ontvoering van onskuldiges nie. Indien daar egter 'n magsvakuum in die gebied gelaat word, kan dit aan SWAPO die nodige oorwig verleen.

Die leier van SWAPO, mnr. Sam Nujoma, het reeds laat blyk dat hy die Westerse skikkingsvoorstelle met sekere voorbehoude sal aanvaar. En daarmee kom die veiligheidskwessie en selfs die posisie van Walvisbaai (laasgenoemde is nie eers vir die huidige relevant nie) in die gedrang. Daarteenoor beskou Suid-Afrika die voorstelle as finaal.

Daarmee is die bal dus in die baan van die Westerse moondhede geplaas. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op hulle. Hulle sal ook baie wilskrag aan die dag moet lê om voortgesette SWAPO-eise aan bande te lê.

En tog! Die Weste se vermoë om weerstand te bied wek baie min optimisme. Angola en die Horing van Afrika is aan niemand onbekend nie. Tot onlangs het dit geblyk dat die Weste so begaan is oor SWAPO dat hulle die organisasie selfs ten koste van vrede in Suidwes by 'n skikking wou betrek. Baie gaan ook afhang in watter mate Rusland die Weste gaan druk om aan die eise toe te gee.

Of SWAPO bereid gaan wees om sy dade van terreur te staak, behoort tot die onwaarskynlike. 'n Kerkleier en SWAPO-vriend het onlangs verklaar: "Elke politikus is oënskynlik blind vir die feit dat selfs al wen die Turnhalle die verkiesings, sal die oorlog op die grens nie ophou nie."

Dit sal aanvaar moet word dat SWAPO op vertragingstegniek uit is, wat daarop gemik is om gebiedspanning te veroorsaak. Die vertraging kan 'n groterwordende spanning tussen mnr. Dirk Mudge se DTA en AKTUR van mnr. A.H. du Plessis ten gevolge hê. Spanning as gevolg van verskille in benadering oor die skikkingsvoorstelle in Westerse geledere kan net so gerieflik deur SWAPO uitgebuit word.

In sy geheel gesien, lyk dit of die kloof tussen die maksimum eise en die minimum toegewings steeds meer onoorbrugbaar raak. Desondanks gaan die demokratiese proses in Suidwes voort – met of sonder SWAPO.

## SSR SKAF NUWE KOMBI AAN

**Daar** het 'n dringende behoefte na 'n nuwe Kombi ontstaan toe die S.S.R. 'n skakeltoer wou reël. Die skakeltoer sou dorpe soos Kaapstad, Port Elizabeth, en Potchefstroom insluit. Die totale afstand wat gery sou word, sou meer as 4000km wees. Die ou Kombi sou nie meer geskik wees vir so 'n lang rit nie. Daar is toe besluit om 'n nuwe 2000L Kombi aan te koop. Die helfte van die koopprys is uit hierdie jaar se begroting geneem, en die ander helfte sal deur volgende jaar se begroting gedek word. Die Kombi is nou beskikbaar vir alle studenteliggame, en die S.S.R. versoek dat dit mooi opgepas sal word.

Redaksie

HOOFREDAKTEUR: Frikkie Odendaal; Van Rooystr. 45
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: Jan Kroeze; Klooster 3468/22151/22246
REDAKTEUR RADE EN INTER-UNIVERSITÊR: Richard du Rand; Amajuba 5620
NUUSREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915
REDAKTEUR MANSKOSHUISE: Lourens du Toit; Caput 22371/3375/3376
REDAKTRISE DAMESKOSHUISE: Diana Roestorf Vergeet-my-nie 5511/5512
SPORTREDAKTEUR: Nico van der Westhuizen; Hombré 7996/23915
SPORTREDAKTRISE: Lolla Claasen; Dorp 6017
DAMESBLADREDAKTRISE: Leenster Pasch; Klawerhof
KUNSREDAKTRISE: Millie d'Assonville; Dorp 6574
TEGNIESE REDAKTEUR: Christo Dippenaar; Caput 22371/3375/3376
REDAKTEUR VAALDRIEHOEK: Vakant
FOTOREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915
SEKRETARESSE: Marlian Kritzinger; Vergeet-my-nie 5511/5512
PENNINGMEESTER: Paul Slot; Dorp 23429
SPOTPRENTE: Mynderd Vosloo; Caput 22371/3375-/3376
ADVERTENSIEBESTUURDER: Buks Steenkamp; Liberalia 22129

# UIT NO. 13

**Lesers word vriendelik uitgenooi om briewe aan die Wapad te stuur vir publikasie. Briewe mag onder skuilname geskryf word. Let egter asseblief daarop dat u volle naam en adres die brief moet vergesel anders kan dit nie gepubliseer word nie. Ons waardeer u samewerking in dié verband. – (Red).**

## Pop-Shop Aanhanger

Geagte Mnr die Redakteur

Ek voel my verplig om vir die T.V.-program, 'Pop-Shop', wat deur 'n rubriekskrywer in die Wapad van 31 Maart so kras veroordeel is, in die bresse te tree.

As u dink dat 'Pop-Shop' saamgeflans word uit die eerste die beste materiaal, is u in 'n mate reg; dit gebeur soms, maar hoekom? – omdat die hoofbase by SAUK-TV nie as 'n uitsondering nie, maar 'n reël, die vooraf-opgestelde program afkeur, en gewoonlik oor die onsinnigste redes; bv. dat 'n man se bolyf te kaal is (verbeel jou!), soos gebeur het met die popgroep 'Circus'. Of nog skandeliker! Gegrimeerde mans! Hoe word ons volk se sedes nie ondermyn nie!

Indien u ander rubrieke/programme van David Gresham sou lees/luister, sou u besef dat hy een van die land se grootste kenners van kontemporêre musiek is, en daarmee bedoel ek nie die 'Pretty Belinda' – 'Beautiful Sunday' – tipe nie. Waar anders gaan mens Chicago, Queen, Player, Kansas, Jethro Tull, ELO, hoor behalwe op krapperige Radio 5 of Pop-Shop? In ons moeilike posisie ten opsigte van die groot Engelse TV-base, Equity, is ek nog verbaas dat David Gresham die gehalte program aanbied, en kan ek my die moeite indink wat hy moet doen om by Equity en die SAUK-TV base verby te kom. Dis 'n skande dat die program so kort is, en om die waarheid te sê; daar word byna alle smake musiek aangebied, behalwe vir die grootste groep jongmense: die Pop-Shoppers.

Presies hoe wil u die jeug se musieksmaak verbeter? Daar's Country 'n Western tot vervelens toe op Good Vibrations; klassieke musiek verban tot 'n Sondagaand, en vir 'n rukkie is ons gespaar van 'Afrikaanse Treffers', maar dit was ook daar.

Nee wat, as u wil kla, kla oor die afskeep ruimtetjie wat die program beslaan, of absurde veranderings wat 'n verswakte program teweeg bring, maar u klagtes oor 'onbekende' of 'swak gehalte' items, openbaar eerder u jammerlike onkunde oor kontemporêre musiek as 'n steekhoudende, goeddeurdagte kritiek op 'n program.

C.J. van Rensenburg

**Ek is baie bly dat die leseres op die berig gereageer het. Elke mens is sekerlik geregtig op sy persoonlike mening. In die eerste plek het ek nog nooit David Gresham se musieksmaak in twyfel getrek nie. Ek het dit wel teen die manier waarop hy die program aanbied. Tweedens voel ek nog steeds dat die program slegs die smaak van 'n relatief klein groepie jongmense bevredig.**

**André Howard.**

## Koot verduidelik vlotbeoordeling

Geagte Redakteur

Na aanleiding van die twee briewe in vorige Wapaaie die volgende:

- Vlotbeoordeling Wapad 17 Maart 1978.

Die feit dat die vlot self uit 200 punte getel het en die mense om die vlot 100 punte, toon duidelik wat ons standpunt is, eerstens die vlot self, en dan die mense om die vlot.

Hoekom 100 punte vir die mense om die vlot? 'n Vlotoptog met netjiese vlotte en geen mense met karnavalgees nie is 'n ronde nul werd.

Die stelling: "Duidelike tekens van bevooroordeeldheid en antagonisme het na vore gekom met die plasing van die vlot van P.A.S.V. as 10de uit 13," is 'n uiters onregverdige en kinderagtige stelling. Dit kan alleen gemik wees na die beoordelaars – mense wie se integriteit, regverdige oordeelsvermoë en eerlikheid bo alle verdenking staan.

- Onregverdig: Wapad 31 Maart 1978.

Die 50 punte vir toestand in Klerksdorp. Ek kan verstaan waarom die skrywer ongelukkig hieroor is, omdat heelparty vlotte, waaronder die vlot van P.A.S.V., in 'n gehawende toestand in Klerksdorp aangekom het.

Daar is op 'n karnavalvergadering besluit dat die vlot wat in Potch voorloop, sal voorry in die optog.

Die valse stelling dat Liber Factus geld van die vorige karnaval komitee gekry het getuig daarvan dat die briefskrywer nie weet wat aangaan nie.

Mnr. Gerhard Smith het nooit die stelling gemaak dat P.A.S.V. nie volgende jaar toegelaat sal word om 'n vlot te bou nie. Hy kon nie – want hy het slegs gedien op Karnavalkomitee '78, en het niks te sê oor wat Karnaval '79 doen nie.

Wat wel beoog word is om elke jaar een ekstra vlot (van 'n koshuis) toe te laat tot die vlot optog – as 'n vergunning, nie as 'n reg nie.

Die vlot van SRVP kan nie oor dieselfde kam geskeer word nie. Dit is nie deel van die sierwa optog nie en hulle hoofdoel is om by te dra tot die wins van karnaval – gedurende 1978 het hulle R300 ingesamel. Baie dankie aan SRVP vir hulle positiewe bydrae.

Ten slotte die volgende:

Wat was die feitlike situasie? Toe mnr. Chris van der Merwe van P.A.S.V. na my gekom het om te vra of hulle 'n vlot mag bou, het die Karnavalkomitee die versoek toegestaan – op voorwaarde dat hulle hul sal hou by die reëls soos van toepassing op die koshuise. Op daardie stadium het hulle geen klagtes gehad nie. Hulle het presies geweet wat aangaan, aangesien 'n skriftelike afskrif van die reëls wat aan die koshuise gegee, ook aan hulle gegee is.

Indien hulle dus die eerste plek wou behaal, moes hulle hul by daardie reëls gehou het. **Hulle het nie!!** Die mense om die vlot het ontbreek; geen beoordelaar het enige mense of popkoppe om die vlot gesien nie. Waarom was daar nie mense nie?

In die lig van bogenoemde is ek oortuig daarvan dat die karnavalkomitee hulle kant van die afspraak nagekom het, aangesien mnr. Chris van der Merwe van P.A.S.V. minstens een karnaval vergadering bygewoon het en geen kritiek op die vlotbepaling gehad het nie.

Ek daag die mense wat so vrylik kritiek lewer uit om hulle by die karnavalvoorsitter 1979 aan te meld om te kyk of hulle die vlotoptog kan verbeter.

Kom Pukke werk saam en gee julleself om van karnaval 79 'n grootse sukses te maak.

**KOOT VAN DER WALT**

# TRANSKEI TOETS

**Deur Johan van Rensburg**

**Dit is reeds ou nuus dat Transkei sy diplomatieke betrekkinge met Suid-Afrika verbreek het. Vir die meeste Suid-Afrikaners het dié stap op 10 April as 'n verrassing gekom. Waarnemers het verskeie redes aangevoer, o.a. dat dit 'n politieke skuif van mnr. Matanzima is om die Pondos oor Griekwaland-Oos tevrede te stel. Ook sou dit die Transkei dalk meer aanvaarbaar maak in die wêreld as hy sou aansluit by die anti-Suid-Afrika-praters.**

Mnr. Matanzima het inderdaad gesê dat Suid-Afrika, deur Griekwaland-Oos "aan die Zoeloes" te gee, Transkei ernstig beledig het. Transkei sal nie betrekkinge hervat alvorens Kriekwaland-Oos nie aan Transkei oorgedra is nie, volgens 'n berig in Die Transvaler van 1 Mei.

Hoewel sommige mense skerp op die Transkeise stap gereageer het, is daar baie te leer hieruit. Ten eerste het dit Suid-Afrikaners tot die werklikheid teruggedring. Indien ons in vrede met ons nuwe bure in hierdie subkontinent wil woon, sal ons moet leer om diplomaties tussen hulle wille en grille deur te stuur. Dit het Suid-Afrika se eerste Minister dan ook gedoen in sy verklaring oor dié saak in die Volksraad.

'n Verdere toets vir ons bereidwilligheid om dié nuwe bure se onafhanklikheid ten volle te aanvaar, is om hulle toe te laat om standpunte lynreg teenoor ons eie te huldig. Suid-Afrika het gevolglik byvoorbeeld nie in vergelding, finansiële en ander hulp aan die Transkei opgehef nie.

Die opheffing van diplomatieke betrekkinge is skynbaar 'n gematigde wyse in die Volkereg waardeur 'n staat sy misnoeë uitspreek oor 'n ander staat se optrede. Volgens Prof. Marinus Wiechers bly alle ander betrekkinge doodgewoon voortbestaan.

Twee verdere punte behoort ons egter tot nadenke te stem: Onderlinge geskille oor grond behoort opgelos te word vóór onafhanklikheid, daar dit nog relatief maklik is. Dan hoef daar nie met 'n soewereine staat onderhandel te word nie. Transkei het skynbaar histories, aansprake op Griekwaland-Oos, die geldigheid waarvan egter nog nooit getoets is nie. Die Suid-Afrikaanse Lugmag moes byna onmiddellik weer aan 'n vloedgeteisterde Transkei hulp verleen. Dit, ten laaste, bewys 'n belangrike punt, naamlik dat die State van Suidelike Afrika onherroeplik aanmekaar gebind is. Soos 'n familie sal ons ons onderlinge probleme moet uitstryk. Die een kan nie sonder die ander voortbestaan nie.

## Petisie werf 1 400 Handtekeninge

**Meer as 1400 Pukke het die petisie wat aan die Vrije Universiteit gerig is, geteken. Die studente het oor die algemeen goed gereageer. Niemand het beswaar teen die inhoud gemaak nie, hoewel enkeles nie genoegsaam belanggestel het om dit te teken nie. Die kommunikasie-probleem in die dorpskoshuise het veroorsaak dat baie Pukke nie bereik kon word nie.**

Die Politiese Raad is egter tevrede en dank almal vir hulle samewerking. "Ons wou slegs bewys dat jong Suid-Afrikaners nie genoeë neem met bevooroordeelde kritici wat Suid-Afrika probeer isoleer nie". Die petisie word nou aan al die genooides na die konferensie in Grand Rapids gestuur. In besonder gaan 'n afskrif aan die V.U. wat weier om met enige Afrikaner kontak te maak.

Swot hard
jou posisie is
benard

Dis geen las:
spaar geld
en
draf gereeld klas

Breëbors
morsjors word
geskors

# *Uit die Woord*

Mattheus 27:46

"My God, my God, waarom het U my verlaat?"

Hoe kan Jesus dit vra? Hy weet alles, niks is vir Hom vreemd nie. Hy ken tog sy lydensweg van stap tot stap, en ook die doel van sy lyde, Hy het geweet dat God se toorn oor Hom gekom het, terwille van ons sondes.

In hierdie "waarom" in Jesus se mond, sien ons hoedat sy menslike natuur na vore kom. Want as Seun van die mens ondergaan Hy die swaarste lyding denkbaar. Hy is van God verlaat. Hy hang aan 'n kruis, tussen hemel en aarde. Die Godverlatenheid sien ons ook in die drie-uur duisternis wat oor die aarde gekom het.

Hy ervaar geen Vaderliefde nie. Maar alleen toorn en helse smart. Die toorn van God oor ons sondes breek tenvolle oor Hom los. Hy dra die volle straf vir ons sondes.

God verlaat Hom gestel in ons plek. Hy ondergaan die lyde as ons Borg.

Sy "waarom" vind plaas in ons plek. Omdat ons God verlaat het, het ons verdien dat God ons verlaat en Hom ewig vir ons verberg. Maar in ons plek gaan Jesus die Godverlatenheid in, en roep Hy "waarom".

Hoe dikwels vra ons nie, "waarom", 'nie? As ons swaarkry, as ons siek is, of by die graf van 'n dierbare. Hoe dikwels is ons nie ongeduldig teenoor God in ons "waarom" nie. Onthou, in Christus is ons "waaroms" beantwoord. Die "waarom" van ewige Godverlatenheid het Hy vir ons en in ons plek gevra.

Sy "waarom" is vir ons 'n verlossingswoord. Sy "waarom" is 'n heilige, sondelose "waarom". Hy roep dit nie uit in die begin van sy lyde nie, maar aan die einde.

Jesus Christus bly aan sy Vader vashou. Hy sê: "My God, My God." Dit is geen wanhoopskreet nie, maar 'n roep in vertroue op God alleen. As Hy hierdie woorde uitroep is die verlating verby. Dan skyn die lig weer en gaan Jesus die Paradys tegemoet.

Christus is verlaat sodat God ons nooit sal verlaat nie. Hy het die helse smart en angs, die donkerheid en Godverlatenheid, die gemis aan Vaderliefde deurgemaak, sodat daar vir ons ewig vreugde, lig en liefde sal wees.

God het sy eie Seun verlaat sodat ons ewig by Hom kan wees. As ons "waaroms" nog aanhou, moet dit ons beskaam en bedroef. Dan moet ons ons voor God verootmoedig en om vergiffenis vra. Maar ook glo dat Christus met sy heilige, verlossende "waarom" aan die kruis ons skuld bedek het.

Dan mag ons "waarom" slegs wees in verbasing en verwondering oor God se verlossing, ook vir my. Ja, in my plek het Christus uitgeroep: "My God, My God, waarom het U my verlaat."




## Kasteel

Werk, werk, werk! Dis die kreet wat vanagter 'n hoop boeke in die Kasteelgange weerklink. Die langnaweek was net die regte ding om die vere reg te skud (en virusse af te skud) vir die inter-aksie met Ferdinand Postma (ongelukkig van onbepaalde tydsduur).

Nou ja, plig kom voor plesier, en was die inter-aksie met Makouvlei Sondagaand nie plesierig nie! Dié dames wat dapper genoeg was om die koue te trotseer, het gesellig saam met die Makouvleiers koffie gedrink.

Volgens gerugte moet Gang Twee van Caput 'n pakkie met elf "How to become strong and fit" - pamflette by die administrasie gaan afhaal. Almal wat belangstel om toeskouers by dié geskiedkundige sokkerwedstryd tussen Kasteel F en Gang Twee te wees, moet maar net die plakkate en die nuus om 10 oor agt dophou.

Sokker is ook nie die enigste sport waarin die Kastelers uitblink nie. Netbal, hokkie, skaak, muurbal – noem dit en daar is 'n span of twee van die Kasteeltiertjies wat grommend daaraan deelneem. Beskou dit maar as 'n vriendelike waarskuwing – ons is nie tiertjies om sonder handskoene aan te pak nie.

Vanuit Kasteel dan 'n hartlike grom – en aan al die bewonderaars : vasbyt tot volgende keer!

## Wag-in-bietjie

Op Saterdag, 8 April, het Wag 'n Bietjie sy vyfde verjaarsdag gevier en sommer 'n groot geleentheid daarvan gemaak.

Madelief, die ou Wag-'n-Bietjie Van Tukkies is genooi om te kom kragte meet met die vyf jaar oue Wag-'n-Bietjie. Die bont skilpad het egter die beste daarvan afgekom en die hokkie, tennis, netbal en muurbal gewen.

Die hoogtepunt van die middag was ongetwyfeld die "Ball-Ball" team se oorwinning van 2-0. Wag-'n -Bietjie het uitgeblink en daar was selfs twee Sjampanje -nooiens wat die spel heel tradisioneel geopen het.

Die Vrydagaand voor die opwindende Saterdag, is deurgebring met Vingerbord, tafeltennis en skaak. Ook daar het Wag-'n-Bietjie goed gevaar. Later die aand het die skilpad en die kat (nogal net soos Caput s'n) vir mekaar gesing, en die Madelief-meisies was nie min beïndruk met ons Sêrgroep nie.

Saterdagaand is heel formeel afgesluit met 'n kaas en wyn. Vir die Oulike Madeliefers is Caput-manskoshuis geskiet, juis omdat hulle dieselfde embleem het, die windmakerige kat van Katastrofes. Caput, dankie dat ons op julle kon staatmaak, ons sal graag meer van julle wil hoor.

Aan al die Wag-'n-Bietjie inwoners wat gehelp het om van ons vyfde verjaarsdag 'n sukses te maak – baie dankie!

## Uitspan

Na 'n welkome en welverdiende langnaweek is al die Bere van Uitspan spekvet en gesond terug in die koshuis. Totaal uitgeput het almal dadelik begin rus vir die volgende naweek.

Wat sport betref, het dit tot nou toe nog goed gegaan. Drakenstein het Hombré letterlik en figuurlik in die stof, of liewers die gras, laat byt op die rugbyveld. Sterkte aan Drakenstein van al die nie-spelende sowel as die spelende ondersteuners. Al die gholfspelers in die koshuis oefen na Gary se oorwinning met versterkte ywer en geesdrif ± agt uur per dag.

Daar heers 'n gesonde gees in die koshuis wat akademie aan betref. Almal is vasbeslote om te help aan 'n honderd persent slaagsyfer.

Hoewel Uitspan nog, of nou eers goed, in Oosterhof verteenwoordig is, het die "Bachelor's club" tog 'n opflikkering getoon deurdat sy ledetal versterk is. (Mooi Wally!)

Wag-'n-Bietjie se aandele het die hoogte in geskiet na die besoeke wat ons van hul sêgroep ontvang het. Hulle is puik!

Dit lyk asof die AOB-beertjies nou uit hul winterslaap wakker geskrik het (in die middel van die winter) en dinge gaan nou begin gebeur in die koshuis.

Groete van huis tot huis.
**DIE ROOI BEER;**



## Caput

'n Reuse koshuisgeveg het verlede termyn plaasgevind. Ja, die hele Caput was gewikkel in 'n kussinggeveg. Die gevolge was ernstig. Geskeurde kussingslope, stukkende kussings en die ergste-hier en daar 'n gebreekte paneel. Geen wonder die tanie was so boos nie. Die koshuisgees is baie bevorder daardeur alhoewel sommige ouens gekla het.

Met die rugby gaan dit goed. Die eerstspan het 'n eersteliga rekord opgestel, en dit was om die verdedigende kampioene, Dawie Dup met 42 - 0 te oorrompel. 'n Slagting was dit wel, maar ons sal dit maar miskyk. Dit was seker nie hulle eerstespan nie! Die tweedes was ongelukkig, maar Hombré was Saterdag meer afgerond, en die telling van 12 - 10 in Hombré se guns, getuig van harde rugby. Die driekies is ongelukkig dat hulle punte moes afstaan aan die 3A span. Hulle sê hulle kon gewen het. Intussen het Rustenburg se tweedespan ook met 34 - 12 teen Caput verloor. Voorwaar 'n bulpoging.

Die HK het hul vakansie by Margate deurgebring. Dis dan ook geen wonder dat hulle so fris en vars teruggekom het nie.

Die verrassing van die jaar is dat die interkomstelsel reggemaak is. Die eerstejaars is seker nou fiks genoeg. Die oefening het hulle in elk geval goed gedoen. Net jammer sommige oproepe het nooit hul base bereik nie. So van interkom gepraat – Die nuwe inwoners ken nog nie die gewilde liedjie wat so graag oor die interkom gesing word nie. Pieda, jy moet maar die manne afrig vir 'n sanguitvoering Vrydae teen middernag.

Die ysbere loop weer rond. Kyk na julleself en hou Caput se naam hoog. Geniet die studies, sleep, rugby en alle studente pret.



## Klooster

Klooster leef voort. Hierdie belangrike besluit is geneem deur die Raad van die Universiteit nadat hulle besluit het om die huurkontrak vir nog drie jaar te verleng. Saam met hierdie goeie nuus, is daar egter ook verneem dat die huispa, Prof. C.J. Reyneke, die koshuis aan die einde van die termyn gaan verlaat. Prof. Reyneke het al so deel van die koshuis geword dat dit vir die inwoners moeilik sal wees om die koshuis sonder hom voor te stel. Hulle wil hom egter alles van die beste toewens.

Aangesien die koshuis bly voortbestaan, word dan ook 'n beroep op die universiteitsowerheid gedoen om die swembad te herstel. Hulle word verseker dat dit nie 'n kwessie van geld-in-die-water gooi sal wees nie.

Op sportgebied gaan dit voor die wind. Die eerste rugby-span het oorwinnings teen Over-de-Voor en Amajuba-Villagers behaal, terwyl hulle ongelukkig was om teen Drakenstein te verloor. Ook die ander sportsoorte van die koshuisliga vorder goed.

Vir die eerste maal in 'n lang tyd, is daar ook 'n koshuiskoerant uitgegee. Op hierdie manier word die Kloostermanne op hoogte gehou met wat in die land van die Pikkewyne aangaan.



## Kulu

Ná vele "long time no seen"-groete wat deur Kulu se gange weerklink het, keer ons nou terug na die normale.

Die netbal- en hokkiedames is kliphard aan't oefen. Groot dinge word vir dié termyn beplan.

Veral die hokkiedames gaan nie met hulle laat mors nie. Hulle span is skaars 'n jaar oud en hulle het reeds die koek- en die plaatliga gewen.

Die skaakspeelsters sê net hulle is aktief besig, wat niks goed vir hul toekomstige opponente voorspel nie.

Dankie vir die mooi sêr laas termyn Caput, maar het die koue aan jul tone begin knaag dat julle nou so skaars is?

Goed gedoen Drakenstein! Kulu het geen rede om hulle te skaam vir hul eetsaalvriende op die gebied van rugby nie, of hoe?

". . . en die windjie waai so skraal . . .!" Nie te erg nie, maar daar is sprake van 'n snerpende koue briesie wat die Kuluhiete laat besluit het om gestewel en gejas klas te draf. Om rumatiek en jig in die winter te verdryf is geensins 'n grap nie!



## Karlien

Die Karlieners is terug in volle sterkte om hierdie kwartaal die akademie by die horings te pak en as oorwinnaars uit die stryd te tree.

Dit wil voorkom asof die Karliendames tydens die afgelope vakansie besef het, dat beleggings 'n uiterste noodsaaklikheid is. Hulle leuse is dan ook: "Belê in diamante!" Aan meer as een hand skitter daar deesdae 'n blink klippie. Blykbaar het die klippies ook die vermoë om hul skittering in die draers daarvan se oë te weerkaats. Manne, as julle dus in diamante wil belê: in Karlien is genoeg modelle om dit te vertoon.

Op sportgebied is Karlien weereens tip-top. Nou hoe dan anders – is die feit dat PUK I dames muurbalspan al 4 uit Karlien kom, nie genoeg bewys daarvoor nie? En baie geluk Alison, met 'n puik seisoen agter jou.

Moet net nie dink dat die "sports" agterweë gebly het nie. Daarvan was die osbraai 'n klinkklare bewys. Heerlike sappige vleis, koel skuimende bier en jolige Duitse musiek was die bestanddele vir 'n vonkelaand. Daarvan kan menige man getuig.

Nou klim ons almal kliphard in vir die opwarming voor 1978 se eerste Intervarsity!

NS. 'n Waarskuwing aan alle dameskoshuise wat 'n funksie beoog: wees op julle hoede vir die SR-voorsitter. Hy is 'n ervare "gatecrasher!" Hy val sommer by 'n fees in en . . . 'n reuse fees volg!



## Oosterhof

Goeiedag aan almal van ons kant hier.
Die gees wat ons gekry het, is nie sommer 'n gier.
Nee, dit het gekom om te bly en ons almal hier gelukkig te laat sy.

Al die aksies wat ons gehad het, was heerlik
en die vooruitsig van nog is baie begeerlik.

Ons speel toe mos rugby teen Over-de-Voor
en hulle moet net mooi trap of hulle verloor.
Hulle dink mos mans is al wat rugby kan speel,
gnif! Hulle sal hul mos wat verbeel.
Ons spring in die lynstaan en ontvang die bal.
Ons hardloop oor die veld en word heeltemal mal.
Ons kry 'n strafskop en sowaar as vet!
Dis oor en nou probeer hul die situasie red.
Dit was heerlik en na baie gelag
Keer ons gou terug vir die opknapslag.
Die aand drink ons ons trommeldik aan die bier
en vierons fees vir ons plesier.

Daarna kom Klooster aan die beurt.
almal in die koshuis word meegesleep.
Ons besit mos twee sterk sokkerspanne
en op die veld moes ons luister na die krokspan se treursange.
Na 'n oortuigende oorwinning van - 2 teen - 4
moes ons dit vier met wyn en bier.
Toe draf die eerstespanne op die veld
en daar is iets wat ek darem moet meld–
Daar is trompoppies en 'n sjampanjenooi.
Die mans moet in hul spoor trap of ons gaan hul looi.
Ons had nog boeresport en braaivleis
en ons ooreet ons aan al die lekker spys.
Dié aand sien ons fliek in die saal
en die "sagte" matrasse is? ons byna fyngemaal.

Maar die eerste April kom die hael en reent.
Ons hou oorlog teen mekaar
en die ys vlieg soos ons baljaar
Raai wie daag op? Dis Heimat en Uitspan –
Hulle sleep ons deur die water
en al wat 'n mens hoor is ons tandegeklater;
Daarna speel ons sokker in water enkeldiep,
ek is seker ek lei nog aan daardie griep.
Soos jul kan sien, is ons op en wakker,
Altyd gereed om rond te kerjakker.
As julle in ons pret wil kom deel
Moenie laat wag en julle kanse verspeel.

Dis dan totsiens van hierdie kant.
Onthou ons volgende geselsie lê net oor die rand.



## Hombré

Met die vakansie en die akademiese langnaweek agter die rug, sien die Hombré-manne met reikhalsende verlange uit na die kwartaal wat voorlê. Almal is begeesterd en gereed om die akademie stewig vas te vat.

Die vorige kwartaal is op 'n hoë noot afgesluit, danksy die inisiatief van die Klawerhof -dames. Die Hombré-manne het die Boskopdam-aksie terdeë geniet. Ons dink met heimwee terug aan die heerlike vleisbraai, die kompetisies en die besonderse Klawerhof-gees wat ons daar kon ervaar.

Die aksie wat saam met Wanda gehou is, was soos gewoonlik 'n groot sukses. Net jammer dat die vakansie so kort op die aksie gevolg het, want die manne sou graag die bande wat daardie aand gesmee is, wou opvolg.

Op Vrydag, 19 Mei hou die inwoners van Hombré 'n regte Hombré-dag. Die reëlings vorder fluks en dit beloof om iets groots in te hou. Ons skop die middag 15h00 af met ons eerste program. Die tweede aksie begin om 16h00 en die slot duur tot 23h00.

Aan al die onderskeie sportspanne wil ons sterkte toewens. Ons neem met waardering kennis van die vordering van die tafeltennis span se bedrywighede.

Ten spyte van 'n baie druk sosiale en akademiese program, is dit verblydend om te sien dat die bemindes en geliefdes nog hulle regmatige deel ontvang: of hoe dan Gert en Piet!



## Klawerhof

Daar word nou vinnig vordering gemaak met die nuwe parkeerterrein langs Klawerhof. Almal is net hoogs opgewonde om dié langverwagte stukkie werk voltooid te sien. Om darem te dink al die ou modderplasse gaan binnekort iets van die verlede wees!

Die 27e Mei vat Klawerhof die pad vir aksie Pukmiljoen. Almal is ewe geesdriftig om op dié manier iets by te dra tot die verbetering van die koshuis se voorkoms. Daar word nou ywerig na borge gesoek, en niemand kan meer wag vir die groot dag nie! Blykbaar word klasse ook deesdae meer dikwels bygewoon as vroeër – as oefening vir daardie 20 kilometer.

Nadat Klawerhof verlede jaar die koshuis-tennisliga gewen het, het hulle dié jaar weer goed begin deur verlede Saterdag hul eerste ligawedstryd met 29 potte teen 15 teen Oosterhof te wen. Ons hoop dat hulle die pas weer sal kan volhou!

## Vergeet my nie

Met die aktiwiteite van die eerste kwartaal nou agter die rug en feeste soos karnaval en oriëntering verby, moet daar seker gekyk word na dinge soos akademie en wetenskapsleer. Miskien nie met die nodige ywer en lus nie, maar is nietemin daar.

Ja waarlik die koue het om die een hoek en die akademie om die ander gekom. Watter weerstand kan 'n arme weerlose meisie dan ook nou bied? Probleme, probleme en nogmaals probleme. En dan moet die eerstejaars ook nog so nou en dan aanhoudende probleme gee.

Maar wat sportaktiwiteite betref is ons almal weereens op ons pos. Die hokkie, netbal en tennis is weereens krampagtig besig met oefeninge. Miskien sien ons weer later blok P en blok R teen mekaar uithardloop in die hoedanigheid van rugby.

Die groot gemis in ons lewe is egter en bly maar ons verlore Kasparus. Wil die gemene enonverskrokke Leeu van die kampus hom nie ontferm oor ons en ons Kasparussie terug besorg nie? Dit kan miskien op uitruilbasis geskied.

Ons beoog nog 'n oorwinningsaksie met Caput. Maar nou ja, daar is 'n tyd vir alles onder die son.

## Kulu

POTCHEFSTROOM.- "Die kampus moet van Kulu hoor!" Dis is die geesdriftige woorde van Cathy Bouwer, primaria van Kulu.

Cathy is 'n Rhodesiër en het in Fort Victoria grootgeword, skoolgegaan en gematrikuleer. As Engelstalige kom sy na die PU vir CHO om in 'n B.A.-rigting te studeer. Sy loop vanjaar H.O.D. en is goed tweetalig.

As primaria sien Cathy haar hoof taak om leiding te neem en te organiseer.

Cathy beoog 'n op-en-wakker 1978. Sy borrel oor van idees en planne om Kulu dié Puk-koshuis te maak. Sommige mansstudente sê Kulu bestaan nie, maar die teendeel sal vanjaar bewys word.

Kulu wil wen – die Karnaval, sportliga, soveel moontlik. Twee jaar gelede het Kulu Karnaval gewen en verlede jaar die sportbeker.

# Studentedienste word meer

**Studente kan reeds spesiale motordienste, goedkoop droogskoonmaak sielkundige, opvoedkundige en mediese dienste benut, terwyl onderhandelings gevoer word vir afslag op windskerms en geslypte diamante.**

### Motors

Die organisasie, Pat's-Harold's, staan afslag van 15 persent op alle motoronderdele van enige fabrikaat toe. Nuwe Volkswagen en Datsuns, sowel as gebruikte motors se pryse word met vyf persent verlaag.

Normale arbeidskoste word met tien persent gesnoei en dié van 'n smeerdiens word met 'n rand tot R1,50 verminder. Daar word slegs 'n wins van tien persent op die kosprys van olie gehef.

'n Motorwas en polering deur 'n wasoutomaat kos slegs R1,00 in plaas van die normale R1,50. Vir elke R20,00 se brandstof word die eienaar se motor gratis gewas en gepoleer.

TX Paneelkloppers staan ook afslagpryse toe en doen spesiale kwotasies.

'n Student wat van dié dienste gebruik wil maak, moet 'n kenteken wat by die SSR-Kantoor beskikbaar is, op sy motor plak.

Die petroljoggie moet 'n kontantstrokie aan die student gee as bewys vir die gratis was en polering. Studente moet die joggies op die kenteken wys.

Pat's-Harold's onderneem verder om ½ sent vir elke liter petrol wat deur 'n student ingegooi is, op die studentedienstrustfonds in te betaal. 'n Student moet toesien dat die aantal liter en die koste van die brandstof wat ingegooi word, op die kontantstrokie aangebring word.

### Droogskoonmaak

Droogskoonmaak se pryse is vir studente verlaag by Huis en Tuin op die Bult. 'n Langbroek word vir 58 sent gedoen waar dit gewoonlik 70 sent kos. Om 'n pak klere te laat droogskoonmaak, kos R1,18 in plaas van die gewone R1,50. Die koste vir 'n denimlangbroek is met die helfte gesnoei tot 35 sent. Die droogskoonmaak van 'n baadjie kos gewoonlik 80 sent, maar 60 sent vir studente.

### Skoene herstel

Skoenreparasies kan ook deur middel van Huis en Tuin gedoen word, wat 'n afslag van tien persent toestaan op die pryse van Lindeque's wat die herstelwerk self doen.

Studente moet hul registrasiekaart toon om van die voordele by Huis en Tuin gebruik te kan maak.

### Diamante goedkoop

Sommige plaaslike diamanthandelaars maak buitensporige winste op die verkoop van diamante. Gevolglik is onderhandelings aangegaan met 'n handelaar in Johannesburg wat daartoe sal lei dat hy diamante teen billike pryse aan studente sal verskaf. Hy is ook bereid om 'n deel van sy wins op die studentedienstrustfonds te stort.

### Windskerms

"Atlas Glass" wat langs die Elgro-hotel geleë, is, sal windskerms teen $33^1/_3$ persent korting van die standaardpryse aan studente verkoop, as dié onderhandelings met die firma slaag. Hulle sal in die geval ook tien persent van hulle totale studente omset terugploeg in die studentedienstrustfonds.

Die Wapad sal die finale prosedure wat by die aankoop van diamante en windskerms gevolg moet word, publiseer, sodra die onderhandelings gefinaliseer is.

### Sielkundig en opvoedkundig

Die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste bied hulp op verskeie vlakke aan. Om geleenthede tot akademiese opleiding beter te benut, help hulle met vakkeusestudie- en loopbaanprobleme wat dikwels tot tydverspilling en geldvermorsing lei.

Goeie akademiese prestasie toon 'n verband met 'n gevoel van geluk en tevredenheid, spruitende uit innerlike dissipline en die aanvaarding van die noodsaaklikheid van 'n redelike mate van gesag en ordening in die samelewing.

Kommunikasie-, emosionele- en verhoudingsprobleme wat in die normale groeiproses na volwassenheid mag voorkom, rem akademiese vordering en ontwrig persoonlikheidsontplooiing. Die Instituut beskik oor opgeleide personeel wat hiermee kan help.

Hierdie dienste word eerstens aan studente gebied en tweedens aan die breë gemeenskap. Alle inligting word as streng vertroulik hanteer.

Studente kan afsprake persoonlik of telefonies maak by die sekretaresse. Die telefoonnommer is 7497 of 22112 (uitbreiding 287 of 284).

# Besembos skryf kompetisie uit

**Die beplanning vir die nuwe Besembos is reeds in 'n gevorderde stadium.**

Die Besembos poog om 'n verteenwoordigende jaarblad vir Puk-studente saam te stel.

Daar is 'n groot behoefte vir goeie aksiefoto's. Derhalwe gaan die Besembos 'n fotokompetisie vir al die Puk-studente uitskryf. Aantreklike pryse kan met die kompetisie gewen word.

Die foto's moet aan die volgende vereistes voldoen:

* Puk-wees deur die jaar moet uitgebeeld word.
* Verkieslik swart-en-wit foto's moet ingestuur word.
* Kleurfoto's en -skuifies word, verwelkom hoewel dit onderhewig is aan spesiale goedkeuring deur die redakteur.
* Alle inskrywings moet voor of op 23 Junie 1978 in bussie 16 by die SSR-kantoor gepos word.
* Die beste foto's sal in die Besembos geplaas word.

Groepsfoto's sal deur Fotokuns behartig word. Die volledige reëlings hiervoor sal deur die onderskeie raadsredakteurs bekend gemaak word.



*DIE RAAMWERK VAN RADIO PUK SE NUWE KONTROLEBORD. Na 'n lang stilte sal hulle klanke binnekort weer gehoor word.*
*FOTO PAUL SLOT*

# SUID-AFRIKA IS MINI WÊRELD

**POTCHEFSTROOM. - "Suid-Afrika is 'n mikro-kosmos van wat in die wêreld gebeur."**

Dit is die woorde van ds. Arent L. de Graaf wat Woensdag, 29 Maart, om 19h30 studente met 'n Korpsraad -vergadering in die Senaatsaal toegespreek het. Hy het gepraat oor hoe die Christen in die buiteland Suid-Afrika en sy probleme sien.

Hy sê ons moet ons bevolkingsprobleme wat deur die geskiedenis ontstaan het, self oplos. Dis 'n opdrag van die Here. S.A. staan nie alleen nie. Die Christene in die buiteland sien S.A. as 'n gebied waar ons 'n oplossing moet vind wat dalk vir die hele wêreld van belang is. God skep 'n toestand waar die leiers van die land wit, swart en bruin, nog Christene is.

Die Christene in die buiteland wil graag beter ingelig wees. Nederland en Australië ontvang nuus oor S.A. deur die Russiese nuusagentskap, TASS. Die kritiek op S.A. volg omdat die Humaniste nie wil hê S.A. moet 'n oplossing vir sy probleme kry nie. Die wêreld is baie pessimisties oor die toekoms van S.A.

Ons moet geduldig wees en met geloofsvertroue om 'n oplossing veg. As nasie staan S.A. alleen, hoewel die Christene in die buiteland ons steun en vir ons bid. Ds. De Graaf sê ons moet die kommunikasie-kanale oophou en gebruik. Ons moet die mense verstaan wat ons nou nie verstaan nie.

Die geleentheid vir vrae is goed benut. Dit was 'n boeiende en interessante toespraak deur 'n vurige godsman.

## KONSOLIDASIE BESPREEK

Kontakpolitiek het op 16 Mei om 19h30 'n byeenkoms in die Senaatsaal. Prof. Carl Boshoff, voorsitter van SABRA, sal as besprekingsleier optree. SABRA se drastiese konsolidasieskema wat as oplossing vir ons "swart" politiek voorgehou word, gaan van naderby beskou word. 'n Skietlys vir studente wat belangstel om te kom deelneem of net te luister, is op die kennisgewingbord agter die administrasie gebou. Almal is baie welkom.

## INTERVARSITY!

Die Intervarsity teen RAU, wat vroeër uitgestel is, vind nou op 20 Mei plaas.

## STEL NOMMER REG

Let asseblief daarop dat telefoonnommers op bladsy 30 in die Sakboekie van 1978, nie dié van Heide se voordeur is nie, maar dié van die Huisvader, Prof. Erasmus. Op bladsy 151 kom die regte nommer voor. Dit is 3211/12/13.

Die Sakboekie maak verskoning aan Prof. Erasmus vir die ongerief wat hy moes verduur. Hulle doen 'n beroep dat alle studente asseblief hulle samewerking in dié verband sal gee.

## SAKGELD VIR STUDENTE

**DAAR** is 'n deeltydse vakante pos vir 'n student by die PUK-PIK beskikbaar. Werksure is van 18h00 tot 21h00. Die salaris is R1.50 per uur. Aansoek kan gerig word aan mev. Bekker by die PUK-PIK.


W IE
AT
AAR
ANNEER
AAROM

HAROLD'S
Automobile Service Station
(PTY.) LTD.
KERK & WOLMARANS STR.,
POTCHEFSTROOM

8-5-1978.
M SSR. P.U. VIR CH-O ← NB!!.
P.J.v.d Merwe.
ACCOUNT No.
PETROL — Litres: 20 5 82.
OIL — Litres:
5 82.
Order No. Attendant No.
Vehicle Reg. No. TX 6712.
Customer's Signature
H 012003
REGISTER & LAMSON PARAGON 64


## STUDENTEDIENS

Studente wat gebruik maak van die spesiale dienste wat deur Harolds Pats gelewer word moet daarop let dat hulle die kontantstrokie op die regte manier invul.

Die naam **SSR, PU vir CHO** moet duidelik op die strokie aangebring word. Die brandstof wat ingeneem word, moet **SHELL-BRANDSTOF** wees.

## BIERBEKERS

Daar kan nou van 12h45 tot 13h45 bierbekers by die S.S.R. kantoor gekoop word teen 40c per beker.

## ONS BLY LEKKER


Persone wat na losies in Pretoria soek, kan aansoek doen om in ARARAT JEUGSENTRUM te bly.

Die adres is:
Die Sekretaris,
Ararat Jeugsentrum
Troyestraat 27
Sunnyside
PRETORIA
Tel: 78-3839

## KAMPUSTRUIE

**DIE** nuwe kampustruie sal binne die volgende twee weke beskikbaar wees. Hou die WAPAD dop vir verdere inligting.


HUIS EN TUIN
Die winkel vir die student
SPESIALE DIENSTE
Haardroeërs teen R7,95
Droogskoonmaak
BAIE SPESIALE PRYSE!!




# Kompeteer met poësie

**Soos reeds aangekondig soek die Wapad in samewerking met die Skrywerskring die beste gedig wat die Pukke kan skryf. Hierdie gedig sal dan ingeskryf word vir die ASPU (Afrikaanse Studente Pers Unie) gedigtekompetisie, waar dit die PU vir CHO tussen al die ander kampusse se gedigte sal verteenwoordig.**

**PRYSE!!!**

Vir die wenner wag daar 'n boekprys van R50,00 wat deur Tafelberg-uitgewers geskenk is, en dan natuurlik die geleentheid dat die wengedig op nasionale grondslag kan meeding. Daar is ook nog verdere troospryse wat gewen moet word.

Die reëls van die POËSIE-KOMPETISIE is die volgende:

- Die beoordelaars is Prof. T.T. Cloete, Mev. N. Schutte en Mnr. Jan Swanepoel en hulle beslissing is finaal.
- Elke deelnemer kan meer as een gedig inskryf maar word beperk tot 'n maksimum van 5 gedigte.
- Van elke gedig moet drie afskrifte gemaak word. Een van die afskrifte moet die volledige naam en adres van die deelnemer hê. Die ander drie hoef net voorsien te wees van 'n skuilnaam of naam.
- Al die inskrywings moet in die Wapad-bussie nr. 13 by die S.S.R.-Kantoor geplaas word. Dit moet asseblief duidelik POËSIE-KOMPETISIE gemerk wees.
- Die sluitingsdatum is 29 Junie 1978 en geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.
- Die redaksielede van die Wapad mag wel aan die kompetisie deelneem, maar kom nie in aanmerking vir die pryse nie.
- Ingeskrewe gedigte mag nie reeds in 'n nasionale publikasie verskyn het nie.
- Die wengedig sal in die Wapad geplaas word.

KOM PUKKE!! KOM WYS JULLE SKRYFTALENT!!!

Vir verdere besonderhede kontak Gerrit Schoonhoven (Tel. 7471) of Millie d'Assonville (Tel. 6574).

# NOLA STRAUSS STAL UIT

**Nola Strauss, dosente van die Departement Beeldende Kunste van die PU vir CHO se uitstalling is Dinsdagaand 2 Mei in die Frans du Toitgebou se uitstallingslokaal geopen. Die uitstalling duur tot Saterdag 13 Mei.**

Nola Strauss doseer skilderkuns en hoewel sy al verskeie eenman uitstallings gehad het, is dit haar tweede eenman uitstalling in Potchefstroom. Sy is sedert 1975 verbonde aan die PU vir CHO en is tans besig met haar M.A.-Beeldende Kuns aan die Universiteit van Pretoria.

*Nola Strauss saam met Prof. Ballot, afgeneem tydens die opening van haar kunsuitstalling op Dinsdagaand 2 Mei. Die uitstalling duur tot Saterdag 13 Mei.*



Daar is drie media verteenwoordig op haar uitstalling, naamlik olieverf, waterverf en monotipe. Die monotipe is 'n baie afgeskeepte medium. Dit is een van die grafiese kunste wat net eenmaal gebruik kan word: daar word op glas geskilder met verf wat gou droog word en dan word daar 'n afdruk op papier gemaak.

Die tema van haar uitstalling is 'landskap' en met haar nuwer werke konsentreer sy veral op die organiese, die direkte aardsheid.

Nola Strauss se uitstalling is oor die algemeen baie goed ontvang. Die uitstalling is keurig en baie goed versorg. Mev. Mione du Toit, wat die kunsuitstalling geopen het, het dit as volg saamgevat: Die waterverfwerke getuig van die fynheid en sagtheid van Nola, die monotipe het iets sluwer in wat kenmerkend is van die vrou en laastens vind die verdieping plaas in die kleurvolheid en dinamiese van die olieverfwerke. In die uitstalling was daar iets vir die kunskenner en vir die gewone publiek.



*Gerda Hartman wat op 24 Mei in die derde meesterskonsert van die Konservatorium vir musiek optree. Sy word begelei deur Prof. Pieter de Villiers.*

## Gerda besit talent

**Gerda Hartman** is in 1942 in Standerton gebore. Op twaalfjarige ouderdom tree sy op by Kimberley se Eistedfod en kry 94% vir haar vertolking. Na skool verwerf sy haar B.A. graad aan Tukkies. Daarna skryf sy in vir Unisa se sanglisensiaat wat sy met lof slaag. Hierdeur kry sy 'n beurs om verder in Londen en Parys te gaan studeer. Hierna vorder haar sangloopbaan met rasse skrede. Sy verwerf nog 'n paar beurse en vandag is sy 'n wêreldbekende lieder-sanger van Parys wat in 1976 die prys ontvang as beste vertolker van die liedere van Hugo Wolf.

# ISRAELIESE PIANIS TREE OP

**Uit die baie en bekwame jong konsertpianiste wat besig is om in die buiteland naam te maak, is die Israeliese pianis, *Daniel Adni*, een van die bekwaamstes.**

In die tweede van die reeks Meesterkonserte, wat die Mudiekdepartement van die PU vir CHO aanbied, het **Daniel Adni** op Donderdagaand, 11 Mei om 20h00, 'n klavierprogram in die Konservatoriumsaal aangebied.

Sy interessante program het gewilde klavierwerke ingesluit, soos die bekende 'Maanligsonate' van Beethoven; die 'Images' van Debussy en Chopin se manjifieke 'Ballade' en 'Scherze'.

Adni is in Haifa, Israel, gebore, waar hy sy aanvangsonderrig ontvang het. Hy presteer op twaalfjarige ouderdom met twee konsertvoordragte in Tel Aviv. In dié tyd het hy onder die aandag van die wêreldberoemde violiste Yehudie Menuhin, Claudio Arrau en Clifford Curzon gekom. Hulle stig 'n fonds wat dit vir hom moontlik gemaak het om sy studie onder leiding van Vlado Perlemuter aan die Paryse Konservatorium voort te sit.

Na die verowering van verskillende konservatoriumpryse het sy loopbaan in 1970 as konsertpianis met 'n debuut in die ou Wigmore-saal (Londen) begin. Sy voordrag was met groot ovasie begroep, gevolg deur gunstige resensies.

Op aandrang van Otto Klempere word hy in 1971 genooi om saam met die Nuwe Filharmoniese-orkes die konsertseisoen in die Royal Festival-saal te open. Daarna aanvaar hy gereeld konsertuitnodigings en onderneem ook konsertreise in ander lande. Die geslaagdheid van sy konsertoptredes het ook tot 'n vaste kontrak met die grammofoonplaatvervaardigers EMI gelei.

**Daniel Adni** het beslis vir 'n aand met klaviermusiek uit die boonste rakke gesorg.



*DANIE ADNI, die Israeliese pianis, wat Donderdagaand 11 Mei in die Konservatoriumsaal opgetree het.*

## Gedigte

*vir hier die dag*
*'n liefdesgedig:-*
*ek wil wegraak in hierdie dag*
*mistig oor die vleie lê*
*en jou oor my voel breek*

*ek wil jou beproef*
*in jou ontdooi*
*jou beërf*
*blou môre*
*ek swik in jou*

*Anne Grobler*

**Vir Alta**

*ek dig vir jou*
*'n blompot vol rose*
*gekrul gedraai*
*ek skilder vir jou*
*nagtelike watermusiek*
*maanbelig hartgerig*
*ek komponeer vir jou*
*woorde woorde*
*strofes*
*geraamde overtures*
*vir jou*
*juis vir jou.*

*Rudolph Willemse*

**Quo Vadis?**

*My volk is nie meer homo sapiens nie*
*my volk het weer homo erectus geword*
*'n regoplopende denksku mensheid*
*met 'n sinnelose dasein.*
*My volk is 'n salvador dali-skets*
*'n verwarde ordelose vormgegewe*
*'n optimum op die drumpel van regressie . . .*
*Maar nog steeds so hiper hempie-raak-my-gatjie.*

*Henk Wijbenga*

## CINE-PUK VERTONINGS

Saterdag 13 Mei: Killer Force
Vrydag 19 Mei: Dit was aand en dit was môre
Saterdag 20 Mei: Cross of Iron

*Franz Marx as Petrus Verwey in DIT WAS AAND EN DIT WAS MÔRE. Dit is 'n liefdesverhaal waarin vertel word van die liefde wat Petrus Verwey koester vir Maggie Aucamp (Magda Beukes). Sy ouma, tant Sofia (Anna Neethling-Pohl) krap dinge deurmekaar. 'n Verhaal met heelwat intriges.*



## Die lewe is 'n Grenshotel

**Die derde** Sjördé wat deur die Departement Spraakleer en Drama aangebied word, beloof om iets totaal nuut te wees. **'Die lewe is 'n Grenshotel'** is geskryf deur Hennie Aucamp en bestaan uit ryme vir pop en kabaret. As uitgangspunt word die moderne mens gebruik. Met Nico Basson se toonsettings, begelei deur 'n paar kitare, 'n trekklavier en 'n mondfluitjie beloof hierdie Sjördé veel vir jonk en oud. In hierdie aanbieding kry die 'GRENS' ook 'n wyer betekenis as die letterlike grens tussen twee lande – dit word ook die grens tussen mense – 'n kommunikasiegrens en die grens tussen lewe en dood.

Die regie word waargeneem deur Henk Wijbenga. **Die lewe is 'n grenshotel** word aangebied tydens middagetensuur in die foyer van die Kleinteater van die Departement Spraakleer en Drama vanaf 22 tot 26 Mei.



*Een van die repetisies van **Die lewe is 'n grenshotel**.*
*V.l.n.r. Henk Wijbenga (regiseur), Wilhelm Schoeman, Tommie Hoffman, Hannes Kotzé, Ben Homan.*
*Voor: Elmarie Kruger en Nico Basson (musiekregisseur en -komponis).*

# NUWE SPORTRAAD VERBETER GEES

*Die struktuur van die Sportraad is verander om die oorkoepelende sportliga te laat funksioneer, die verskeie sportsoorte uit te bou en die Puk- en koshuisgees te verbeter, terwyl nouer kontak tussen PU-klub- en koshuissport ook bewerkstellig word.*

Die PU Sentrale Sportraad bestaan uit die voorsitters of kapteins (òf die voorsitsters of kapteines) van die onderskeie sportklubs. Die PU Sentrale Sportraad vervang die ou PU Sportraad en sal alle PU-sport hanteer.

Die Koshuissportraad word gevorm deur die ondervoorsitters of -kapteins (òf ondervoorsitsters of -kapteines) van die onderskeie sportklubs. Die ondervoorsitter van die Sentrale Sportraad is die voorsitter van die Koshuissportraad. Hy kan probleme van die Koshuissportraad op die Sentrale Sportraad te berde bring. Die Koshuissportraad funksioneer slegs organisatories en sal hom uitsluitlik besig hou met die reël van koshuisligas.

Daar sal ook Koshuiskomitees vir elke sportsoort wees. Elke koshuis het 'n verteenwoordiger vir elke sportsoort. Al die koshuisverteenwoordigers van 'n spesifieke sportsoort vorm sò 'n koshuiskomitee. Die ondervoorsitters van elke sportklub wat sitting op die Koshuissportraad het, is tegelyk die voorsitter van die Koshuiskomitee van die spesifieke sportsoort.

Die ondervoorsitters van die sportklubs en dié van die Sentrale Sportraad hou hulle dus uitsluitlik besig met koshuissport.

**VOORDELE**

Die nuwe stelsel bring mee dat daar koshuisligas aangebied sal word in sportsoorte waarin vroeër nooit sò iets was nie. Ook die ander sportsoorte sal verder uitgebou word. Meer Pukke sal aktief by sport betrek word wat weer 'n wyer teelaarde vir sportmanne en -vroue sal wees.

**PRYSE**

Saambou-Nasionale Bouvereniging borg die oorkoepelende sportliga met R500,-00. Die eerste drie mans- en dameskoshuise sal in aanmerking vir prysgeld kom.

Dié geld sal slegs vir die verbetering van koshuissportapparaat in die betrokke koshuis aangewend mag word.

Die liga sal voortaan as die Saambou-Nasionale Sportliga bekend staan.

## Valskerm vorder

**Amanda Pienaar is die eerste dame van die PUK wat begin het om relatiewe werk te doen.**

Relatiewe werk behels die tegniek om deur die lug te 'vlieg' en om sodoende verskillende formasies te bou byvoorbeeld 'n tien man ster wat in hierdie geval 'n 'nege man en een dame' ster sal wees. Relatiewe werk word gewoonlik vanaf 'n minimumhoogte van 5000 vt gedoen en in geval van 'n tien man ster, sowat 12000 vt.

Dit gee 'n mens, vanaf 12000 vt, sowat 65 sekondes tyd om die formasie te bou, op te breek, van mekaar af weg te kom en op 'n veilige hoogte van 2500 vt jou valskerm oop te maak.

Die nuutste neiging deesdae is om ook relatiewe werk met valskerms te doen. Dit kan egter slegs met valskerms soos die 'Strato Cloud, Strato Star' of 'Parafoil', wat almal vierkantig is, gedoen word. Nadat die persone hul valskerms oopgemaak het, vlieg hulle na mekaar toe en die persoon wat die hoogste is hak sy voete aan die ander valskerm, met die gevolg dat die een bo-op die ander se valskerm ry.

Dit klink en lyk baie opwindend en daar sal nog baie hiervan in die toekoms gesien word.



*Drankenstein se oorwinning oor Hombré.*

## SOKKER VAAR GOED

**Die nederlaag wat die PU sokkerspan teen die swartes gehad het het goeie gevolge gehad.**

Sedertdien moes Potch United, Vierfontein en Vaal Reefs die onderspit teen 'n gemotiveerde PU sokkerspan delf.

Potch United, wat in die eerste liga speel, moes toekyk hoe vier doele in die doelhoek beland teenoor slegs een wat hulleself kon aanteken. Die veld was baie nat. Hierdeur kan duidelik gesien word dat die verdediging aan die wenspan se kant absoluut suiwer was.

'n Week later is daar op die Weermag se veld in 'n tweede liga wedstryd teen Vierfontein kragte gemeet. Die wedstryd was gekenmerk deur die baie harde spel en goeie gebalanseerdheid aan beide kante. Die vorige vriendskaplike wedstryde het baie meegehelp dat die manne nou beter saamspeel en 'n onderlinge selfvertroue kry. Met die blaas van die eindfluitjie wen die Puk met 3-2.

Op die tuisveld van Vaal Reefs het daar 'n onaangename verrassing op die tuisspan gewag. Veel kan daar nie gesê word nie behalwe dat die besoekers Vaal Reefs met 8-0 oorrompel het. Die fiksheid en goeie gees wat daar onder die spelers heers kon duidelik waargeneem word.

Die Intervarsity teen RAU is op hande. Die wedstryd wil elke sokkerspeler van die Puk ten alle koste wen.

Daar heers egter 'n groot leemte onder die doelwagters. Enige persoon wat dus hier kan uithelp is baie welkom om elke Maandag, Woensdag en Donderdag om half vyf by die oefening op Weermag se velde op te daag.

## CAPUT 'n wenner

**Na drie wedstryde in die koshuisliga is Caput die enigste span wat onoorwonne is.**

Klooster en Over-de-voor is kort op hulle hakke deurdat elkeen net een wedstryd verloor het.

Aangesien daar 'n dubbelronde gespeel word, is enigiets nog moontlik. Op die oomblik lyk Caput na die span met die meeste potensiaal. Hulle speel vinnige, konstruktiewe rugby en enige span wat hulle wil klop, sal alles in die stryd moet werp.

Die gehalte van die koshuisrugby is baie hoog en dit is verblydend om te sien dat daar diepte in die PUK se rugby is.

In die B-liga is Hombré die voorlopers. Selfs hier kan daar nog 'n taai stryd om die eerste plek wees.

## KORTSPORT

**Manshokkie**

**Binnenshuise wedstryde:**

| | |
|---|---|
| PU vs Roadwines | wen 8- 5 |
| PU II vs Kavaliers | wen 3- 1 |
| PU I vs Vereeniging | wen 5- 3 |
| PU II vs Roadwines | verloor 4-10 |
| PU I vs Vanderbijlpark | verloor 3- 5 |
| PU II vs Vanderbijlpark | wen 3- 1 |
| PU I vs PU II | PU I wen 5- 2 |

**Kanoklub:**

Die klub bied die Schoemansdrift-Scandinawiëdrift Marathon aan. Chris Greef eindig eerste. Marthinus Luus vaar die beste van die Pukke. Hy eindig tweede in die beginnersafdeling. Die spankompetisie is egter deur die Pukke gewen.

**Gewigoptel:**

Uitslae van die eerste kwartaallikse klub-kampioenskappe gehou op 1 April

| Naam | Liggaamsmassa | Opraap | Ruk en Wip | Totaal | Punte |
|---|---|---|---|---|---|
| 1) K Henning | 66 Kg | 93 Kg | 117 Kg | 210 | 78 |
| 2) L Labuschagne | 76 Kg | 77 Kg | 98 Kg | 175 | 23 |
| 3) E du Plessis | 72 Kg | 67 Kg | 93 Kg | 160 | 21 |
| 4) R van Rensburg | 59 Kg | 57 Kg | 67 Kg | 124 | 8 |
| 5) J King | 88 Kg | 78 Kg | 88 Kg | 166 | - |
| 6) H de Bruyn | 80 Kg | 57 Kg | 67 Kg | 124 | - |

## NETBAL KOM AAN

**Te oordeel** aan die uitslae wat ontvang is, het die netbal sommer 'n goeie afgooi gehad dié seisoen. Verlede kwartaal het die Eerstespan Fochville gewen met 'n indrukwekkende telling van 47-5. Die twee onder-20 spanne het ook hulle wedstryde teen die POTE gewen.

Nou onlangs het die Eerstespan die POTE met 'n telling van 38-6 getrap. Die B-span het Klerksdorp A-span met 25-21 geklop. Die goeie tellings is egter geen rede tot tevredenheid nie.

## HOKKIE: DUITSE BESOEKER

**Op die** 18de Mei kom 'n Wes-Duitse afrigter, mnr Welling, die hokkiedames 'n bietjie touwys maak. Daar is reeds begin met die liga en al vier die spanne het hulle eerste wedstryd gebuit.

**Uitslae:**

PUK I vs Goldfields, 4 - 0
PUK II vs. Carlton Jones, 2 - 1
PUK Onder 20 vs. Carlton Jones, 2 - 0
PUK Onder 20 B vs. Lichtenburg, 9 - 0

## ONDERWATER-HOKKIE

**Die PUKKE** het verlede kwartaal op Saterdag, 18 Maart te Pretoria aan die jaarlikse onderwaterhokkie toernooi deelgeneem. Die toernooi is aangebied deur U.P. Dit het "voor die wind" gegaan met PUK se twee mansspanne en een damesspan. Altesaam vyf universiteite het deelgeneem naamlik PUK; WITS; U.P.; UKOVS en RAU.

**Uitslae:**

Mans: 2. PUK I
3. PUK II

**Dames:** 3. PUK.


## MOTORISTE

Kry elke week 'n GRATIS

WAS EN WAKS OP U MOTOR
ONDERSTEUN U EIE DIENSSTASIE

AS STUDENTE IS U GEREGTIG OP SPESIALE TARIEWE BY

**HAROLD'S AUTO DIENSSTASIE en PAT'S MOTORS**

Kerkstraat Potchefstroom

# ATLETIEK OP HOË NOOT AFGESLUIT

**Die afgelope Atletiekseisoen aan die Puk was seer sekerlik een van die bestes in jare.**

Woorde is nie nodig om dit te beskryf nie. Die prestasies vertel self die hele storie.

Tydens die SA junior-Atletiekkampioenskappe gehou op 31 Maart en 1 April op Pretoria, het drie Pukke deelgeneem.

Allison Maré het 'n goue Medalje in die 100 m hekkies gewen. Twee brons medaljes is onderskeidelik deur Allison Maré (100m) en Org Danhauser (gewigstoot) gebuit.

Tydens dieselfde naweek het die Suid-Afrikaanse o/20 Dames en o/21 Mans kampioenskappe op Sasolburg plaasgevind. Hier het 19 Pukke deelgeneem.

Altesame 9 atlete van die PU het goue-, drie silwer-, en twee bronsmedaljes gewen.

**Hulle presteer as volg:**

Goue medaljes:

1. Leonie Smit - 400m hekkies
2. Christine Berch - skyfwerp
3. Amanda Uys - 400m
4. Nollie Meintjies - 3000m hindernis
5. Louis Liebenberg - 1500m
6. Fanie Kruger - Hamergooi en gewigstoot
7. Carl Meyewr - 10 000m stap
8. Everhard Wiehahn - Paalspring
9. Kobus Visser - 110m hekkies

Silwer medaljes:

1. Vivian Louw - 100m
2. Wouter de Vos - Hamergooi
3. Fanie Kruger - Skyfwerp

Brons medaljes:

1. Nanda Barnard - Hoogspring
2. Saartjie de Villiers - Skyfwerp.

Elke wenner is dan ook die houer van die Suid-Afrikaanse o/20 Vroue of o/21 Mans rekord aangesien dit die eerste keer in die geskiedenis was, dat daar so 'n byeenkoms was.

Die Pukke beskik in bykans elke item oor geweldige diepte. Dit lyk dus of daar vanjaar tydens die Dalrymple iets groots gaan gebeur.

## Sportkorrels

**deur die Sportredakteur**

**Ja, wel? Dit lyk mos of die somer aan die opdroog is. Hoop hierdie winter is nie so snoep met sy kapok nie.**

Verstaan mooi, dit sal nou nie wees om te begin ski nie, maar ons mooi vaalseisoen het darem sy eie sak vol sportdoenighede - waarvan heelparty al 'n aanvang geneem het. Ons almal onthou tog die rugby se belowende wegspring teen die WITSIES. Dan is daar nog die Hokkie, Pluimbal en Judo wat reeds bedrywig was die afgelope vakansie.

Sportbeoefening in die koue seisoen is werklik pure plesier, want daar is geen spoor van die somer se warm-luiheid nie. Aangesien die mensdom ook geneig is om 'n ietwat meer te verorber in die koue, sal dit vir die manne se harte en dametjies se posture, meer gesond wees om die bloedsomloop so nou en dan op te jaag.

Let wel: Moenie dat die effens trietsige dekor agter jou gordyne jou smiddae na die donskombers laat gryp nie. Nee - dit is die mees opkikkerende omstandighede vir Sportbeoefening.

# PUK vs. RAU!

**Op die 20ste Mei pak PUK en RAU mekaar weer vir hulle jaarlikse Intervarsity.**

Soos gewoonlik is die hoofdis die rugbywedstryd tussen die onderskeie universiteite se eerste spanne.

RAU beskik oor 'n hele paar provinsiale spelers en alles dui daarop dat dit 'n harde stryd gaan wees.

Nadat die PUK met 'n paar beserings gesukkel het, is die eerste span nou weer op volle sterkte en die Rautjies sal moet uithaal om te wen.

# GROOT STOEI GEHOU OP POTGIETERSRUS

**Die grootste stoeitoernooi nog gehou in Suid-Afrika het onlangs in die Katsenpluismeule se saal op Potgietersrus plaasgevind.**

Sewehonderd-twee-en-sewentig stoeiers het hulleself laat inweeg en het deelgeneem aan die 1800 gevegte in die onderlinge gewigsafdelings. Daar is op tien stoeimatte gestoei. Wat veral opmerklik was, was die goeie organisasie van die beoordelaars vir so 'n omvattende toernooi.

Hiertydens is die Verre Noord Transvaal Ope kampioenskappe gehou.

Vyf Pukke het gaan deelneem waartydens W. Putter 'n goue - en A. Swart 'n silwermedalje gewen het.


Putter het in die 74-81 kg as junior sy goue medalje gewen terwyl A. Swart as senior in die 62-68 kg gewigsafdeling sy silwer medalje verower het.

Putter het in die 74-81 kg as junior sy goue medalje gewen terwyl A. Swart as senior in die 62-68 kg gewigsafdeling sy silwer medalje verower het.

Om 'n PUK te wees is om 'n PUK te groet

# Sportkorrels van die week

**Charl Botes, 'n eerstejaar van Hombré, se judo-loopbaan het in 1970 in Carletonville begin toe hy judo begin doen het met die oog op selfverdediging.**



*Charl Botes*
*Foto: Jaco Pretorius*

Sy afrigter in Carletonville was mnr. Louis Klopper, 'n Suid-Afrikaanse kampioen. Ná drie jaar is Charl na Roodepoort waar Simon Botha hom afgerig het.

In 1975 was hy bevoorreg om saam met die Junior Interprovinsiale span na Duitsland te gaan. Die toer het ses weke geduur waartydens hy sy sewende Dan verower het.

In 1976 was Charl nie so gelukkig nie en hy breek sy sleutelbeen. Hy kon gevolglik nie in dié jaar aandag aan sy judo gee nie.

Verlede jaar, 1977, het hiervoor opgemaak. Hy het die Suid-Afrikaanse kampioenskap vir juniors in die 75 kilogram-afdeling geword. Terselfdertyd word hy ook die Suid-Afrikaanse kampioen in die 78 kilogram-afdeling vir Seniors. Hy moes aan elf gevegte voor die finale geveg deelneem.

Hiervoor het hy elke dag van die week geoefen. Vier dae het hy hom net op judo toegespits. Die orige dae het hy gepoog om sy stamina te verbeter. Vir een en 'n halwe maand voor die geveg moes hy alle vetterige kosse uitsny.

Charl sê dat judo vir hom as mens baie beteken. Dit gee aan hom selfvertroue en veral selfdissipline. Die selfdissipline help hom weer baie met sy akademie. Wanneer hy nie oefen nie, voel hy leeg; dit is asof hy iets wat eie aan hom is verloor het, sê hy.

Hy reken dat die PU vanjaar 'n baie beter kans staan teen die Kovsies. Vanjaar se span bestaan uit drie Suid-Afrikaanse kampioene.

Sy volgende mikpunt of ideaal? Op 'n baie beskeie tog trotse manier het hy die hoop uitgespreek dat hy die Springbokspan sal haal Die span sal die einde van die jaar na Taiwan gaan.

# DIE SOKKERMANNE IS WENNERS

**Die belofte is gemaak en gaan uitgevoer word: Die PUK sokker gaan hierdie jaar sy reeds goeie rekord verbeter. Die span het volspoed weggespring. Daar is reeds drie ligawedstryde gespeel.**

Met dieselfde erns waarmee die oefeninge geskied, het die PUKKE reeds verlede kwartaal teen Vierfontein uitgedraf. Dit was 'n spannende wedstryd. Die twee spanne het mekaar opgedreun. Halftyd was Vierfontein nog die voorlopers. Gedurende die tweede helfte het die PUKKE se fiksheid en volgehoue konsentrasie vrugte opgelewer. Stadig maar seker het die PUKKE die spel begin domineer en die wedstryd in 'n aanskoulike stryd met drie doele teen twee gewen.

Op Saterdag 29 April was die stryd teen Vaal Reefs op hul tuisveld. Egon Schulze moes vir die PUKKE doelwagter speel. Ten spyte daarvan dat die PUKKE se brein nou in die doele gestaan het, het hulle van die begin af die oorhand gekry en wen Vaal Reefs met 8 doele teenoor 0.

Die 6de Mei was dit 'n perd van 'n ander kleur. Teen Potch United het dit nie so goed gegaan nie. 'n Harde veld en 'n ligter bal het die PUKKE op verkeerde voet gevang. Piet Redelinghuys moes dié keer vir die doelwagter instaan. Die eerste helfte het die PUKKE letterlik nie geweet waar om te vat en waar om te los nie. Met die aanvang van die tweede helfte was die PUKKE met 1 doel agter. Willem Drijfhout het die telling egter maklik gelykop gemaak. Die wedstryd eindig gelykop: 2 doele elk. Die verdediging van die PUKKE en veral die van Mike Mike was van top gehalte.

Met 3 wedstryde agter die rug het die PUKKE reeds 13 doele (waarin Piet Fourie, Wim Drijfhout, en Henning van Aswegen die grootste aandeel gehad het) aangeteken teenoor die slegs 5 doele teen hulle aangeteken. KOM KYK INTERVARSITY!